SOSIALE WETENSKAPPE

Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)

Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring



Senior fase
Graad 7-9

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING
GRAAD 7 - 9

SOSIALE WETENSKAPPE

Departement van Basiese Onderwys
Strubenstraat 222
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 357 3000
Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465 1701
Faks: +27 21 461 8110
Webtuiste: http: //www.education.gov.za

© 2011 Departement van Basiese Onderwys

ISBN: 978-1-4315-0781-8

Ontwerp en uitleg deur: Ndabase Printing Solution

Gedruk deur: Staatsdrukkery

VOORWOORD VAN DIE MINISTER

Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor ’n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikulum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geïnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en ’n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
- Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit;
- Die grondslag te lê vir ’n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- ’n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die gemeenskap van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het ’n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was ’n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir ’n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)*, gelei.

Deurlopende implementeringsuitdagings het tot ‘n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002*) wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.

Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik diè vir Graad R-9 en Graad 10-12 in ’n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, bekend sal staan, geamalgameer. Hoewel die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op ’n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is ’n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

(a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;

(b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program-en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*.

MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP
MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS

INHOUD

AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING..... 3

1.1 Agtergrond 3

1.2 Oorsig 3

1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum..... 4

1.4 Tydstoekenning 6

1.4.1 Grondslagfase 6

1.4.2 Intermediêre Fase 6

1.4.3 Senior Fase 7

1.4.4 Graad 10-12 7

AFDELING 2 8

2.1 Wat is Sosiale Wetenskappe? 8

2.2 Hulpbronne 8

2.3 Addisionele Hulpbronne 9

2.4 Geskiedenis 9

2.4.1 Wat is Geskiedenis? 9

2.4.2 Spesifieke doelwitte van Geskiedenis 10

2.4.3 Vaardighede en konsepte van Geskiedenis 10

2.4.4 Konsepte in Geskiedenis 11

2.5 Geografie 12

2.5.1 Wat is Geografie? 12

2.5.2 Nota oor die ontwikkeling van die kaartvaardighede en die gebruik van kaarte in die Geografie-kurrikulum 13

2.5.3 Spesifieke doelwitte van die Geografie KABV vir die Intermediêre en Senior Fase 14

2.6 Projekte 15

2.6.1 Projekte in Geografie 15

2.6.2 Projekte in Geskiedenis: Voorgestelde onderwerpe 15

2.7 Tydstoekenning en gewigswaardes van onderwerpe 16

2.8 Oorsig van onderwerpe 17

AFDELING 3 22

3.1 Intermediêre fase Geografie: Oorsig van wat onderrig moet word **22**

3.2 Intermediêre fase Geskiedenis: Oorsig van wat onderrig moet word **34**

AFDELING 4: ASSESSERING IN SOSIALE WETENSKAPPE 46

4.1 Inleiding 46

4.2 Informele of Daaglikse Assessering 46

4.3 Formele Assessering 47

4.3.1 Vereistes vir Formele assessering van Sosiale Wetenskappe 47

4.3.2 Soorte Formele Assessering van Sosiale Wetenskappe 47

4.4 Program van Assessering 51

4.5 Optekening en Rapportering 52

4.6 Moderering van Assessering 53

4.7 Algemeen 53

AFDELING 1

INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

1.1 AGTERGROND

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assesserings-aangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. ‘n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad *R-12* te vervang.

1.2 OORSIG

(a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is ‘n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:

(i) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;

(ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(iii) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012).*

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:

(i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole),* gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002; en

(ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 17 Mei 2005.

(c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in *subparagrawe b(i)* en *(ii)*, wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012),* gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:

(i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;

(ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124,* in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;

(iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: ‘n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No.27819* van 20 Julie 2005;

(iv) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoeftes*, gepromulgeer in *Staatskoerant, No. 29466* van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12;* en

(v) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot* die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing, No. 1267*, in *Staatskoerant No. 29467* van 11 Desember 2006.

(d) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12.* Die uitkomste en standaarde wat behoudens *artikel 6(A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomste en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

1.3 ALGEMENE DOELWITTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE KURRIKULUM

(a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* het die volgende doelwitte:

- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
- om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
- om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
- om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.

(c) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:

- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
- *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en nie-kritiese leer van gegewe waarhede;
- *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaarde vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;

- *Progressie*: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse;
- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
- *Waardering vir inheemse kennissisteme*: Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
- *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.

(d) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* Graad R-12 stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
- werk doeltreffend saam met ander as lede van ‘n span, groep, organisasie en gemeenskap;
- organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;
- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
- begryp die wêreld as ‘n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

(e) Inklusiwiteit behoort ‘n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiëring te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010).*

1.4 TYDSTOEKENNING

1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

VAK	GRAAD (UUR)	GRAAD 1-2 (UUR)	GRAAD 3 (UUR)
Huistaal	10	8/7	8/7
Eerste Addisionele Taal		2/3	3/4
Wiskunde	7	7	7
Lewensvaardighede • Aanvangskennis • Skeppende Kunste • Liggaamlike Opvoeding • Persoonlike en Sosiale Welsyn	6 (1) (2) (2) (1)	6 (1) (2) (2) (1)	7 (2) (2) (2) (1)
TOTAAL	**23**	**23**	**25**

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. ‘n Maksimum tyd van 8 uur en ‘n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word ‘n minimum tyd van 2 uur en ‘n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word ‘n maksimum van 8 uur en ‘n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. ‘n Minimum van 3 uur en ‘n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

VAK	UUR
Huistaal	6
Eerste Addisionele Taal	5
Wiskunde	6
Natuurwetenskappe en Tegnologie	3,5
Sosiale Wetenskappe	3
Lewensvaardighede • Skeppende Kunste • Liggaamlike Opvoeding • Persoonlike en Sosiale Welsyn	4 (1,5) (1) (1,5)
TOTAAL	**27,5**

1.4.3 Senior Fase

(a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

VAK	UUR
Huistaal	5
Eerste Addisionele Taal	4
Wiskunde	4,5
Natuurwetenskappe	3
Sosiale Wetenskappe	3
Tegnologie	2
Ekonomiese Bestuurswetenskappe	2
Lewensoriëntering	2
Skeppende Kunste	2
TOTAAL	**27,5**

1.4.4 Graad 10-12

(a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

VAK	TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR)
Huistaal	4,5
Eerste Addisionele Taal	4,5
Wiskunde	4,5
Lewensoriëntering	2
Enige drie keusevakke uit **Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8)** van die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12,* onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in **paragraaf 28** van die genoemde beleidsdokument.	12 (3 x 4 uur)
TOTAAL	**27,5**

Die toegekende 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien ’n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.

AFDELING 2

2.1 WAT IS SOSIALE WETENSKAPPE?

Die vak Sosiale Wetenskappe bestaan uit Geskiedenis en Geografie. Beide Geskiedenis en Geografie moet gedurende elke kwartaal van die skooljaar onderrig en geassesseer word. Alhoewel die twee dissiplines apart gehou word, is hierdie kurrikulum ontwerp om die kennis (inhoud, vaardighede en konsepte), soos uiteengesit in elk aan te vul.

Assesseringspunte moet afsonderlik vir elke vak op die skool se verslae getoon word - ‘n punt vir Geskiedenis en ‘n punt vir Geografie. Hulle moet dan saamgevoeg word en deur twee gedeel word om ‘n gemiddelde punt vir Sosiale Wetenskappe te gee.

Hierdie Sosiale Wetenskappe-kurrikulum is daarop gerig om geleenthede vir leerders te verskaf om na hul eie wêrelde met vars, kritiese oë te kyk en dalk nog belangriker is dit daarop gemik om leerders aan ‘n wêreld buite hul alledaagse werklikhede bekend te stel. Skole moet spesiale plekke vir leerders wees om hulle met kennis, waartoe hulle andersins nie sou toegang hê nie, toe te rus.

Die belangrikheid diepte kennis word erken. Ware kennis vereis dat leerders kennis en vertroue het as ‘n gevolg van ‘n in-diepte leer. Die passkatting van onderwerpe word in hierdie kurrikulum gespesifiseer deurdat ure vir elke onderwerp toegeken is. Tye dui die diepte aan wat benodig word.

Leerders word opgelei om te spekuleer, te debatteer, konneksies te maak, te kies, te prioritiseer en om te volhard in die aanpak van die werklike kwessies en belangrike vrae.

Dit is noodsaaklik in die onderrig van Geskiedenis en Geografie dat leerders aangemoedig word om vrae te vra: Wie? Waar? Wat? Hoekom nie? Wanneer? Hoe? Indien? Kon? Is/word? En teen die tyd dat hulle by die Senior Fase ook: Indien? Die vrae wat die leerders aan onderwysers stel, is ‘n goeie aanduiding van voorkennis, persepsies, belange, insigte en bekommernisse.

Taal is ‘n belangrike element van beide Geskiedenis en Geografie. Verskillende vorme van die teks (mondeling, geskrewe en visueel) is sentraal tot beide dissiplines. Leer vind plaas deur middel van interaksie met hierdie tekste. Dit is belangrik om te onthou dat elke onderwyser ‘n taal-onderwyser is.

Net so is skrif ‘n vaardigheid wat deur middel van hierdie twee vakke ontwikkel word. Leerders moet gereeld skryf, met ‘n duidelike progressie in lengte en kompleksiteit deur die grade. Die KABV taaldokumente spesifiseer vlakke van vereistes vir skryf en moet gereeld geraadpleeg word. Bewyse van ‘n leerder se werk, insluitend die assessering, moet bygehou word in die leerder se notaboek.

2.2 HULPBRONNE

- Elke leerder moet ‘n goeie kwaliteit handboek en ‘n netjiese notaboek byhou. Handboeke moet geskik wees vir die graad, konteks en taalvlak van die leerder. Die inhoud moet akkuraat wees en daarop gemik wees om ‘n bydrae tot die ontwikkeling van die toepaslike vaardighede, konsepte en waardes te lewer. Handboeke moet toepaslik en voldoende assesseringsaktiwiteite bevat.
- Elke Sosiale Wetenskappe-klaskamer moet oor muurkaarte, ‘n aardbol, toegang tot ‘n stel atlasse en ‘n woordeboek beskik, sowel as toegang tot ‘n verskeidenheid leesboeke en visuele materiaal wat geskik vir die graad is.

- Elke onderwyser van Sosiale Wetenskappe moet vertroud wees met die inhoud wat onderrig moet word, wyd lees oor die inhoud van die onderwerpe vir die kwartaal en lesse noukeurig voorberei.

2.3 ADDISIONELE HULPBRONNE

Dit is belangrik om die wêreld tot binne in die Sosiale Wetenskappe klaskamer te bring. Visuele bronne kan inligting meer toeganklik vir baie leerders maak. Onderwysers moet dus:

- tydskrifte en koerante in die klaskamer beskikbaar hê vir die leerders om vir hul aktiwiteite te gebruik, en foto-stelle vir klaskamer-aktiwiteitete bekom;
- probeer om toegang tot ‘n TV/DVD en/of CD-speler te hê om toepaslike oudio-visuele materiaal aan leerders te bied, en
- probeer om die Internet waar moontlik te gebruik. Baie organisasies en projekte verskaf nuttige inligting deur die internet. Google Earth, byvoorbeeld, bied uitgebreide lugfoto’s. You-tube bied video’s van baie geskiedkundige gebeure.

Kaarte vir kaartvaardighede: Dit is belangrik dat leerders met kaarte van hul eie plaaslike gebied werk. Die MapPack projek is deel van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming. Dit bied vyf gratis kaarte aan elke skool op aanvraag aan. Dit sluit in plaaslike kaarte - 1: 10 000 ortofotokaart (indien beskikbaar) en die 1: 50 000 topografiese kaart, en “zoem uit” op ‘n 1: 250 000 kaart (wat twee-graad blokkies van die plaaslike gebied insluit) ‘n provinsiale kaart (skaal wissel) en ‘n nasionale kaart (1: 2 000 000).

Bykomende inligting, kaarte en lugfoto’s is ook op aanvraag beskikbaar.

Kontak: Die MapPack Projek, Privaatsak X10, Mowbray, 7700. Faks: 021 689 1351.

Telefoon: 021 658 4300. Epos: ngi@ruraldevelopment.gov.za. Web: www.ngi.gov.za

2.4 GESKIEDENIS

2.4.1 Wat is Geskiedenis?

Geskiedenis is die studie van verandering en ontwikkeling in die samelewing oor tyd heen. Die studie van Geskiedenis stel mense in staat om te verstaan en te evalueer hoe menslike optrede uit verlede ‘n impak op die hede kan hê asook die toekoms kan beïnvloed. Geskiedenis is om te leer hoe om op ‘n gedissiplineerde manier oor die verlede, en by implikasie die hede, te dink.

Geskiedenis is ‘n proses van ondersoek en behels die vra van vrae oor die verlede: Wat het gebeur? Wanneer het dit gebeur?

Waarom het dit toe gebeur? Dit behels analitiese denke oor die stories wat mense oor ons verlede vertel en hoe ons daardie inligting internaliseer.

Die studie van Geskiedenis ondersteun ook burgerskap binne ‘n demokrasie deur:

- die waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet te verduidelik en te bevorder;
- burgerlike verantwoordelikheid en verantwoordelike leierskap aan te moedig, insluitende die verhoging van die

huidige sosiale en omgewingskwessies; menseregte en vrede te bevorder deur uitdagings aan vooroordele oor ras, klas, geslag, etnisiteit en xenofobie uit te daag, en

- om jongmense voor te berei vir die plaaslike, streeks-, nasionale, kontinentale en globale verantwoordelikheid.

2.4.2 Spesifieke doelwitte van Geskiedenis

Die spesifieke doelwitte van Geskiedenis is om die volgende te skep:

- ‘n belangstelling in en genot van die studie van die verlede;
- begrip en waardering van die verlede en die kragte wat dit vorm;
- die vermoë om ‘n proses van historiese ondersoek te onderneem wat gebaseer is op vaardighede;
- ‘n begrip van historiese konsepte, met inbegrip van historiese bronne en getuienis.

2.4.3 Vaardighede en konsepte van Geskiedenis

Geskiedenis is ‘n proses van historiese ondersoek. ‘n Streng proses van ondersoek stel leerders in staat om die doelwitte te bereik en demonstreer die vaardighede in tabel 2.3.1

Spesifieke doelwitte en vaardighede van Geskiedenis KABV vir die Intermediêre en Senior Fase

SPESIFIEKE DOELWITTE VAN GESKIEDENIS	VOORBEELDE VAN VAARDIGHEDE BETROKKE
1. Die vind van ‘n verskeidenheid tipes inligting oor die verlede.	In staat wees om inligting in te samel, byvoorbeeld, vanaf teks, visuele materiaal (insluitende foto’s, spotprente, televisie en rolprente), liedjies, gedigte en onderhoude met mense; die gebruik van meer as een soort skriftelike inligting (boeke, tydskrifte, koerante, webruimtes).
2. Keuse van relevante inligting.	In staat wees om te besluit wat belangrike inligting is om te gebruik. Dit mag die keuse van inligting vir ‘n bepaalde geskiedenis onderwerp wees, of meer spesifiek, om ‘n vraag wat gevra word, te beantwoord. Sommige inligting wat gevind is, sal nie relevant tot die vraag wees nie, en sekere inligting, hoewel relevant, sal nie so belangrik of so nuttig soos ander inligting wees nie.
3. Besluit of inligting vertrou kan word	In staat te wees om ondersoek in te stel waar die inligting vandaan kom: wie het die inligting geskryf of geskep en hoekom het hulle dit gedoen? Dit behels ook om te kyk of die inligting korrek is - vergelyk waar die inligting vandaan kom met ander inligting. Baie inligting verteenwoordig slegs een gesigspunt.
4. Om iets wat in die verlede gebeur het vanuit meer as een gesigspunt te beskou.	In staat te wees om te onderskei hoe inligting sou wees indien dit uit ‘n ander oogpunt gesien of gebruik word. Dit vereis ook die vermoë om twee of meer verskillende gesigspunte oor dieselfde persoon of gebeurtenis te vergelyk.

SPESIFIEKE DOELWITTE VAN GESKIEDENIS	VOORBEELDE VAN VAARDIGHEDE BETROKKE
5. Verduidelik waarom die gebeure uit die verlede dikwels verskillend geïnterpreteer word.	In staat te wees om te begryp hoe historici, handboekskrywers, joernaliste, of skeppers en ander tot verskillende gevolgtrekkings kan kom en in staat is om ‘n rede (s) te verskaf waarom dit so is t.o.v ‘n besondere onderwerp uit die geskiedenis.
6. Debatteer oor wat gebeur het in die verlede op grond van die beskikbare getuienis.	In staat te wees om deel te neem aan gesprekke of debatte en standpunte te vorm oor aspekte van die Geskiedenis, gebaseer op die getuienis uit die beskikbare inligting.
7. Die skryf van Geskiedenis op ‘n georganiseerde wyse, met ‘n logiese argumentslyn.	In staat wees om oor ‘n gedeelte van die geskiedenis te skryf wat oor ‘n inleiding beskik, die relevante inligting op ‘n logiese manier en ‘n chronologiese volgorde uiteensit, en tot ‘n gevolgtrekking kom wat die vraag op ‘n samehangende manier beantwoord.
8. Begrip vir die belangrikheid van erfenis en bewaring.	In staat te wees om te verduidelik hoe en waarom mense en gebeure in ‘n gemeenskap, dorp of stad, provinsie en die land op ‘n openbare wyse herdenk moet word. Dit behels ook die ondersoek hoe mense en gebeure uit die verlede in seremonies, feesvieringe, museums en monumente herdenk het.

Dit is van kritiese belang dat hierdie doelwitte en vaardighede vir elke inhoudsonderwerp gevolg behoort te word. Ten einde leerders in staat te stel om hierdie doelwitte te bereik en om hierdie vaardighede te demonstreer, sal hulle ‘n volle begrip van die inhoud moet hê. Geheue vaardighede bly belangrik.

2.4.4 Konsepte in Geskiedenis

Historiese bronne en getuienis: Geskiedenis is nie “die verlede” self nie. Dit is die interpretasie en verduideliking van inligting uit verskeie bronne. Bewyse word geskep wanneer die bronne wat gebruik word om die vrae oor die verlede te beantwoord.

Multi-perspektiewe benadering: Daar is baie maniere waarop daar na die dieselfde ding in die verlede gekyk kan word. Die wyse waarop na die verlede gekyk word, kan die volgende insluit:

- die verskillende standpunte van mense in die verlede op grond van hul posisie in die samelewing;
- die verskillende maniere wat historici oor hulle geskryf het, en
- die verskillende maniere waarop mense vandag die optrede en gedrag van mense in die verlede beskou.

Oorsaak en gevolg: Die redes vir die gebeure en die gevolge van hierdie gebeure. Die gevolge van gebeure bepaal toekomstige gebeure en help om menslike gedrag te verduidelik.

Verandering en kontinuiteit: Dit is moontlik om oor ‘n tydperk die kontras oor wat verander het en wat dieselfde gebly het, waar te neem. Die nou verwante kontraste wat gebruik word om Geskiedenis te onderrig, is ooreenkoms en verskil, en toe en nou, wat help om sin te maak uit die verlede en die hede.

Tyd en chronologie: Geskiedenis word bestudeer en chronologies geskryf. Dit is belangrik om in staat te wees om gebeure in die volgorde te plaas waarin hulle in tyd gebeur het, en hulle konteks te oorweeg. Tydlyne word dikwels gebruik om hierdie konsep te ontwikkel.

2.5 GEOGRAFIE

2.5.1 Wat is Geografie?

Geografie is die studie van die menslike en fisiese omgewing. Geografie is ‘n geïntegreerde dissipline wat beide die fisiese en menslike prosesse oor ruimte en tyd ondersoek. Geografie help ons om die komplekse wêreld te verstaan. Dit bied ons ‘n brug tussen die menslike en fisiese wetenskappe.

Daar is baie vertakkings wat in Geografie bestudeer word. Fisiese Geografie ondersoek natuurlike prosesse en eienskappe, insluitend die atmosfeer, landvorme en ekosisteme. Menslike Geografie ondersoek die aktiwiteite en die impak van mense op die aarde.

Die konsep wat Geografie verenig, is ruimte. Alle geografiese verskynsels het ’n ruimtelike dimensie en werk in ’n voortdurend veranderende omgewing.

Geografie sluit dus die studie van die volgende in:

- ruimtelike patrone en tendense: die plek van mense en plekke in die wêreld;
- ooreenkoms en verskil: hoe omgewings en leefwyses vergelyk en die redes vir die verskille en ooreenkomste;
- beweging: hoe en waarom mense, goedere, water, grond en lug beweeg en verander,
- Planeet Aarde: grond, water en lug;
- menslike nedersetting: waar mense leef en hoekom;
- aktiwiteite: wat mense doen, hoe die omgewing die mens beïnvloed en en hoe hulle die omgewing beïnvloed;
- interafhanklikheid: die skakels tussen die klimaat, plantegroei, wildlewe, verspreiding van hulpbronne, en die menslike nedersetting en aktiwiteit; en
- verandering: die veranderende aard van mense en plekke.

Onderrigin Geografiese lewer ‘n bydrae tot geletterdheid, spraakvermoë, gesyferdheid en grafiese voorstelling of ruimtelike geletterdheid. Dit ondersteun ook die ontwikkeling van persoonlike en sosiale vaardighede.

2.5.2 ‘n Nota oor die ontwikkeling van die karteringsvaardighede en die gebruik van kaarte oor die Geografie-kurrikulum heen.

Geograwe gebruik kaarte, lugfoto-aansigte, aardbolle, grafieke, en tekeninge om hulle te help om die wêreld te interpreteer en aan te bied. Hierdie visuele vaardighede dra by tot ‘n soort van geletterdheid wat as “grafiese voorstelling ‘ bekend staan. Grafiese voorstellings sluit ‘n verskeidenheid van vaardighede in wat verband hou met die interpretasie van inligting op ‘n visuele manier. Grafiese voorstellings kan beskou word as ‘n noodsaaklike soort van geletterdheid saam met syferkundigheid (wiskunde), spraak (luister en praat) en tekstuele geletterdheid (lees).

Hierdie KABV-kurrikulum plaas ‘n spesiale fokus op geselekteerde aspekte van die gebruik en die maak van kaarte en ander visuele bronne vir ‘n kwartaal van elke graad. Hierdie onderwerpe is ontwerp om gefokusde en stelselmatige ontwikkeling van vaardighede te bereik. Die gebruik van kaarte word egter nie beperk tot slegs een kwartaal per graad

nie. Leerders word blootgestel aan ‘n mengsel van kaartgebruik en geografiese vaardighede saam met die fisiese en menslike geografie onderwerpe in elke graad. Kaartgebruik moet in die onderwerpe van elke graad geïntegreer word.

2.5.3 Spesifieke doelwitte van die Geografie KABV vir die Intermediêre en Senior Fase:

Die Geografie-kurrikulum is daarop gerig om die kennis (inhoud, vaardighede en konsepte) van sy leerders te ontwikkel. Die inhoud en die gepaardgaande konsepte, soos uiteengesit in Afdeling 3 van hierdie dokument, moet geïntegreer word met die geografiese doelwitte en vaardighede wat hieronder gelys word.

DIE GEOGRAFIE KURRIKULUM BEOOG OM LEERDERS TE ONTWIKKEL WAT:	VOORBEELDE VAN VAARDIGHEDE BETROKKE. LEERDERS SAL IN STAAT WEES OM:
1. nuuskierig is oor die wêreld waarin hulle leef	• vrae te stel en kwessies te identifiseer • met belangstelling te bespreek en te luister • inligting te versamel en daarna te verwys (insluitende koerante, boeke, en waar moontlik, webwerwe)
2. 'n goeie algemene kennis het van die plekke en die natuurlike kragte wat op die aarde inwerk	• bronne te lees en gebruik om inligting te verwerk • inligting te gebruik, te beskryf, vrae te beantwoord oor mense, plekke en die verhouding tussen die twee
3. die interaksie tussen die samelewing en die natuurlike omgewing verstaan	• inligting te oorweeg, sintetiseer en organiseer • verband tussen oorsaak en gevolg, verandering en kontinuïteit te sien • diverse leefstyle en wêreldbeskouings te erken en te waardeer
4. onafhanklik dink en hul idees ondersteun met 'n deeglike kennis	• geografiese kennis te gebruik om probleme op te los • sake te kan bespreek en oor te debatteer • vooroordeel en verskillende standpunte te herken • eie idees gebaseer op nuwe kennis, te ontwikkel • oplossings vir probleme voor te stel
5. omgee vir hul planeet en die welsyn van almal wat daarin woon	• betrokke te raak by kwessies wat verband hou met die planeet, sy mense en hulpbronne, met kennis en sensitiwiteit • verantwoordelik teenoor mense en die omgewing op te tree
6. met 'n verskeidenheid van bronne kan werk en verstaan, insluitend kaarte, data en foto's	• kaarte te trek en te gebruik • inligting uit tekste, atlasse en ander bronne, insluitend visuele bronne soos foto's, te identifiseer en te onttrek • te werk met data en statistiek in die vorm van grafieke, tabelle en diagramme • deur kruisverwysing inligting te kan gebruik en van verskillende bronne gebruik te maak
7. verskynsels in hul eie omgewing waarneem en by betrokke raak	• waarneming, onderhoudvoering en optekenvaardighede deur middel van veldwerk te ontwikkel • onderhoude met mense te voer en sosiale vaardighede toe te pas • data te verwerk, te interpreteer en te evalueer
8. Meer uitvind oor plekke, mense, gebeure en kwessies met behulp van verskillende bronne, bv. boeke, mense, foto's, die internet	• vrae te ontwikkel en bewoord • navorsingsvaardighede te ontwikkel en toe te pas • inligting te analiseer, aan te bied en te verwerk
9. Idees en inligting kommunikeer	• op 'n duidelike en ingeligte wyse te praat • op 'n gestruktureerde en samehangende wyse te skryf • kaarte, sketse, eenvoudige illustrasies, grafieke, en vloeidiagramme te teken • beredeneerde verduideliking te voorsien
10. Ingeligte besluite neem en dan toepas	• koöperatief en onafhanklik te werk • aksies sistematies en krities te beplan en te evalueer

2.6 PROJEKTE

Leerders moet een projek in die Sosiale Wetenskappe in elke graad voltooi. Hulle moet dus ‘n projek in óf Geskiedenis óf Geografie in ‘n gegewe jaar doen.

Daar moet met projekte aan die begin van die kwartaal begin word, en leerders moet ‘n sperdatum vir die inhandiging van hul projekte gegee word. Onderwysers moet seker maak dat hulle genoeg tyd het vir die nasien van die projekte alvorens die formele assesseringspunte ingehandig word. Die vordering van die projek moet gereeld deur die onderwysers gemonitor word.

Hierdie KABV-kurrikulum verdeel die projekte tussen die twee vakke soos volg:

INTERMEDIÊRE FASE	
Graad 4 –Kwartaal 1	Geskiedenisprojek
Graad 5 – Kwartaal 3	Geografieprojek
Graad 6 – Kwartaal 3	Geskiedenisprojek
SENIOR FASE	
Graad 7 – Kwartaal 1	Geografieprojek
Graad 8 – Kwartaal 3	Geografieprojek
Graad 9 – Kwartaal 3	Geskiedenisprojek

2.6.1 Projekte in Geografie

Al die Geografie-projekte het ‘n sterk fokus op veldwerkwaarneming en navorsing in die plaaslike omgewing. Die Geografie-projekte word gespesifiseer omdat hulle deel is van die noodsaaklike kennis wat benodig word om die kurrikulum te voltooi. Elke projek word geïdentifiseer en omskryf by die betrokke gedeeltes in Afdeling 3 van hierdie KABV kurrikulum dokument.

2.6.2 Projekte in Geskiedenis: Voorgestelde onderwerpe

Die volgende onderwerpe word vir projekte aanbeveel. (Dit kan uitgebrei en aangepas word om by die konteks van die leerders aan te pas. Onderwysers kan die handboek vir verdere leiding gebruik.):

Geskiedenisprojek vir Graad 9 Kwartaal 3: ‘n Mondelinge geskiedenis- en navorsingsprojek

Onderwysers kan hul eie onderwerp kies vir die projek. Die onderwerp moet op die Suid-Afrikaanse geskiedenis gebaseer wees en moet beide mondelinge geskiedenis en navorsing insluit. Die projek besonderhede hieronder is ‘n riglyn en kan volgens die onderwyser se voorkeur en die leerders se konteks aangepas word. Onderwysers moet hierdie navorsingsprojek aan die begin van die kwartaal bekendstel.

- ‘n Sperdatum moet gestel word sodat leerders hul projek betyds kan inhandig sodat dit nagesien en as deel van kwartaalpunt opgeteken kan word, asook terugvoering gegee kan word. Leerders moet ‘n deel van die werk tydens lestyd en ‘n deel daarvan as huiswerk afhandel.
- Onderwysers moet die vordering van die leerders gedurende die kwartaal monitor .
- Onderwysers moet leerders help om inligting te versamel.
- Ouers en plaaslike groepe kan vir inligting genader word .

Voorbeeld van mondelinge geskiedenis en navorsing: Hoe apartheid mense se lewens beïnvloed het en hoe mense daarop gereageer het.

Geskrewe navorsingskomponent:

- Leerders moet navorsing doen oor die besonderhede van enige apartheidswet (dit kan diensplig van jong blanke mans in die Suid-Afrikaanse Weermag insluit).
- Die navorsing moet ten minste 300 woorde en twee illustrasies (soos bv. kaarte, tekeninge, prente uit koerante of tydskrifte, foto's) met onderskrifte insluit.
- Onderwysers moet leerders help om inligting te versamel.

Mondelinge geskiedeniskomponent:

'n Leerder behoort:

- 'n Persoon te identifiseer om 'n onderhoud mee te voer. Onderwysers moet hulle help met hul keuse;
- 'n Onderhoud te voer met 'n persoon wat geraak is deur die apartheidswet waaroor hulle navorsing gedoen het en hoe hulle daarop gereageer het;
- Skryf 'n stel van ongeveer 10 vrae neer voor hulle die onderhoud voer. Hulle mag die persoon met wie die onderhoud gevoer is, se antwoorde tydens die onderhoud neerskryf omdat die transkripsie van 'n opname baie tydrowend is;
- Skryf 'n samehangende storie van 600 woorde oor die persoon wat hulle ondervra het.
- Die vrae en antwoorde, die storie, sowel as hulle eie reaksies op die ervaring om die projek te doen, moet vir assesseringsdoeleindes ingehandig word.

2.7 TYDSTOEWYSING EN GEWIGSWAARDES VAN ONDERWERPE

Beide vakke Geskiedenis en Geografie, moet gedurende elke kwartaal van die skooljaar onderrig en geassesseer word. Skole is vry om hul roosters binne hierdie beperking te organiseer.

Die totale tyd wat vir Sosiale Wetenskappe toegeken word, is drie ure per week. Kontaktyd van 30 uur word dus in 'n kwartaal van 10 weke toegeken. Dit beteken dat daar binne hierdie raamwerk:

Ongeveer 15 uur per 10-week kwartaal aan Geskiedenis toegeken word.

Ongeveer 15 uur per 10-week kwartaal aan Geografie toegeken word.

Belangrike nota:

'n Voorgestelde tydtoewysing word in uur vir elke onderwerp en sub-onderwerp gegee. Dit is eenvoudig 'n riglyn, en hoef nie rigied toegepas te word nie. Die voorgestelde tye dui die gewig of die diepte van die ondersoek wat nodig is vir elke onderwerp met betrekking tot ander onderwerpe, aan.

2.8 OORSIG VAN ONDERWERPE

Geskiedenis

OPSOMMING: INHOUDSOORSIG: GESKIEDENIS INTERMEDIÊRE FASE

Geskiedenis

KWARTAAL	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6
1	Plaaslike geskiedenis	Jagter-versamelaars en herders in Suider-Afrika	‘n Afrika-koninkryk lank gelede in Suider-Afrika: Mapungubwe
2	Leer van leiers	Die eerste landbouers in Suider-Afrika	Ontdekkers van Europa vind Suider-Afrika
3	Vervoer oor die tyd heen	‘n Antieke-Afrikaanse samelewing: Egipte	Demokrasie en burgerskap in Suid-Afrika
4	Kommunikasie oor tyd heen	‘n Erfenis-roete deur die provinsies van Suid-Afrika	Medisyne oor tyd heen

OPSOMMING: INHOUDSOORSIG: GESKIEDENIS SENIOR FASE

KWARTAAL	GRAAD 7	GRAAD 8	GRAAD 9
1	Die koninkryk van Mali en die stad Timboektoe in die 14de eeu	Die Industriële Revolusie in Britanje en Suidelike-Afrika vanaf 1860	Tweede Wêreldoorlog - Die oorsake en uitbreek (1919 – 1945)
2	Die Trans-Atlantiese Slawehandel	Die Minerale Revolusie in Suid-Afrika	Die Kerntydperk en die Koue Oorlog (1945-1990)
3	Kolonisasie van die Kaap in die 17de en 18de eeu	Die stormloop vir Afrika: laat 19de eeu	Keerpunte in Suid-Afrikaanse geskiedenis 1948 en 1950s
4	Samewerking en konflik op die grense van die Kaapkolonie in die vroeë 19de eeu	Eerste Wêreldoorlog (1914 – 1918)	Keerpunte in Suid-Afrikaanse geskiedenis 1960, 1976 en 1994

GESKIEDENIS INHOUDSONDERWERPE GRAAD 4 tot 12	
KWARTAAL	**GRAAD 4**
1	Plaaslike geskiedenis
2	Leer van leiers
3	Vervoer oor die tyd heen
4	Kommunikasie oor die tyd heen
	GRAAD 5
1	Jagter-versamelaars en herders in Suider-Afrika
2	Die eerste landbouers in Suider-Afrika
3	‘n Antieke Afrika samelewing: Egipte
4	‘n Erfenis-roete deur die provinsies van Suid-Afrika
	GRAAD 6
1	‘n Afrika-koninkryk lank gelede in Suider-Afrika: Mapungubwe
2	Ontdekkers van Europa vind Suider-Afrika
3	Demokrasie en burgerskap in Suid-Afrika
4	Geneeskunde/Medisyne oor die tyd heen
	GRAAD 7
1	Die koninkryk van Mali en die stad Timboektoe in die 14de eeu
2	Die Trans-Atlantiese Slawehandel
3	Kolonisasie van die Kaap in die 17de en 18de eeu
4	Samewerking en konflik op die grense van die Kaapkolonie in die vroeë 19de eeu
	GRAAD 8
1	Die Industriële Revolusie in Brittanje en Suidelike-Afrika vanaf 1860
2	Die Minerale Revolusie in Suid-Afrika
3	Die stormloop vir Afrika: laat 19de eeu
4	Die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918)
	GRAAD 9
1	Die Tweede Wêreldoorlog - Oorsake en uitbreek (1919-1945)
2	Die Kerntydperk en die Koue Oorlog (1945-1990)
3	Keerpunte in die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1948 en 1950s
4	Keerpunte in die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1960, 1976 en 1994
ONDERWERP	**GRAAD 10**
1	Die wêreld rondom 1600
2	Uitbreiding en verowering tydens die 15de -18de eeu
3	Die Franse Rewolusie
4	Transformasies in Suidelike Afrika na 1750
5	Koloniale uitbreiding na 1750
6	Die Suid-Afrikaanse oorlog en unie

	GRAAD 11
1	Kommunisme in Rusland 1900 tot 1940
2	Kapitalisme en die VSA 1900 tot 1940
3	Idees oor ras in die laat 19de en 20ste eeu
4	Nasionalisme: Suid-Afrika, die Midde-Ooste en Afrika
5	Apartheid Suid-Afrika 1940's tot 1960's
	GRAAD 12
1	Die Koue Oorlog
2	Onafhanklike Afrika
3	Burgerlike samelewingsprotes 1950's tot 1990's
4	Burgerlike samelewingsprotes 1970's tot 1980's in Suid-Afrika
5	Die koms van demokrasie in Suid-Afrika, en om met die verlede vrede te maak
6	Die einde van die Koue Oorlog en 'n nuwe globale wêreldorde.

OPSOMMING: INHOUDSOORSIG GEOGRAFIE INTERMEDIêRE FASE

KWARTAAL	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6
1	Plekke waar mense woon (nedersettings)	Kaartvaardighede (fokus: Afrika)	Kaartvaardighede (fokus: Wêreld)
2	Kaartvaardighede	Fisiese verskynsels van Suid-Afrika	Handel (fokus: Suid-Afrika en die wêreld)
3	Voedsel en boerdery in Suid-Afrika	Weer, klimaat en plantegroei van Suid-Afrika	Klimaat en plantegroei regoor die wêreld
4	Water in Suid-Afrika	Minerale en mynbou in Suid-Afrika	Bevolking - hoekom mense woon waar hulle woon (fokus: Suid-Afrika en die wêreld)

OPSOMMING: INHOUDSOORSIG GEOGRAFIE SENIOR FASE

KWARTAAL	GRAAD 7	GRAAD 8	GRAAD 9
1	Kaartvaardighede (fokus: Plaaslike kaarte)	Kaarte en aardbolle (fokus: globaal en plaaslik)	Kaartvaardighede (fokus: Topografiese en ortofotokaarte)
2	Aardbewings, vulkane en vloede	Klimaatstreke (fokus: Suid-Afrika en die wêreld)	Ontwikkelingskwessies (fokus: Suid-Afrika en die wêreld)
3	Bevolkingsgroei en veranderinge (fokus: Die wêreld)	Nedersetting (Afrika met die fokus op Suid-Afrika)	Oppervlakkragte of Aardkorskragte wat vorm gee aan die aarde (Fisiese Geografie)
4	Natuurlike hulpbronne en bewaring in Suid-Afrika	Vervoer en handel (fokus: Suid-Afrika en die wêreld)	Gebruik van hulpbronne en volhoubaarheid (fokus: Die wêreld)

Vir verwysingsdoeleindes, is al die onderwerpe in Geografie van Graad 4 tot Graad 12 ten volle gelys op die volgende twee bladsye.

GEOGRAFIE INHOUDSONDERWERPE GRAAD 4 –12	
KWARTAAL	**GRAAD 4**
1	Plekke waar mense woon
2	Kaartvaardighede
3	Voedsel en boerdery in Suid-Afrika
4	Water in Suid- Afrika
	GRAAD 5
1	Kaartvaardighede (fokus: Afrika)
2	Fisiese verskynsels van Suid-Afrika
3	Weer, klimaat en plantegroei van Suid-Afrika
4	Minerale en mynbou in Suid- Afrika
	GRAAD 6
1	Kaartvaardighede (fokus: die Wêreld)
2	Handel (fokus: Suid- Afrika en die Wêreld)
3	Klimaat en plantegroei regoor die wêreld
4	Bevolking - hoekom mense woon waar hulle woon (fokus: Suid-Afrika en die wêreld)
	GRAAD 7
1	Kaartvaardighede (fokus: plaaslike kaarte)
2	Aardbewings, vulkane en vloede
3	Bevolkingsgroei en-verandering (fokus: die Wêreld)
4	Natuurlike hulpbronne en bewaring in Suid-Afrika
	GRAAD 8
1	Kaarte en aardbolle (fokus: globaal en plaaslik)
2	Klimaatstreke (fokus: Suid-Afrika en die wêreld)
3	Nedersetting (Afrika met ‘n fokus op Suid-Afrika)
4	Vervoer en handel (Fokus: Suid-Afrika en die wêreld)
	GRAAD 9
1	Kaartvaardighede (fokus: topografiese en ortofotokaarte)
2	Ontwikkelingskwessies (fokus: Suid-Afrika en die wêreld)
3	Oppervlakkragte of Aardkorskragte wat vorm gee aan die aarde (Fisiese Geografie)
4	Gebruik van hulpbronne en volhoubaarheid (fokus: die Wêreld)
ONDERWERP	**GRAAD 10**
1	Die samestelling en struktuur van die atmosfeer
2	Plaattektoniek, plooiing, verskuiwing, vulkane en aardbewings
3	Bevolking: struktuur, groei en beweging
4	Water in die wêreld: oseane, vloede, waterbestuur
5	Geografiese tegnieke: topografiese kaarte, GIS

	GRAAD 11
1	Globale lugsirkulasie, Afrika se weer en klimaat
2	Gesteentes en landvorme, hellings, massabewegings
3	Ontwikkeling: verskille, kwessies en geleenthede
4	Hulpbronne en volhoubaarheid: grond, energie
5	Geografiese tegnieke: topografiese kaarte, lugfoto's, ortofotokaarte, GIS
	GRAAD 12
1	Klimaat en weer: siklone, plaaslike klimaat
2	Geomorfologie: dreineringstelsels en fluviale prosesse
3	Landelike en stedelike nedersetting
4	Ekonomiese geografie van Suid- Afrika
5	Geografiese tegnieke: topografiese kaarte, GIS, sinoptiese weerkaarte

3.1 SENIOR FASE GEOGRAFIE: RAAMWERK VAN WAT ONDERRIG MOET WORD

GRAAD 7: SENIOR FASE GEOGRAFIE KWARTAAL 1		
Onderwerp: **Kaartvaardighede** **(Fokus: Plaaslike kaarte)**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**	**Aanbevole hulpbronne** • Plaaslike kaarte van die gebied* • Straatkaarte • Liniale en tou • Atlasse • Nuusverslae

Inhoude en konsepte

- **Plaaslike kaarte en straatkaarte *** **2 uur**
  - Vind van die huis, skool en plekke van belang op ‘n kaart van die plaaslike gebied *
  - Plekke se ligging bepaal op ‘n straatgids met behulp van ‘n indeks en ruitnet
  - Plekke vind en ‘n roete beskryf met behulp van ‘n straatkaart
- **Sketskaarte en verduideliking van roetes** **3 uur**
  - Die teken van kaarte om die roete van een plek na ‘n ander aan te toon.
  - Die bepaling en aandui van kompasrigtings op ‘n plaaslike sketskaart
  - Verduidelik ‘n roete mondelings (sluit geskatte afstande in)
- **Sketskaart van die Plaaslike Gebied (Projek**)** **1 uur**
  - Teken ‘n sketskaart (e) van ‘n eie gebied ***.
    - Sluit simbole, sleutel en skaal in.
    - Teken eie waarnemings van grondgebruik en soorte plantegroei op.
    - Toon vier kardinale kompasrigtings aan.
- Afstand en Skaal 4 uur
  - Lynskale en woordskale (Hersiening van graad 6)
  - Verskillende skale vir verskillende kaarte - klein- en grootskaalkaarte (Hersiening van graad 6)
  - Meet indirekte afstande op ‘n straatkaart (tou en ‘n lynskaal)
  - Berekening van afstande op kaarte (direkte en indirekte roetes)
    - Gebruik die skaal om afstande op ‘n gegewe kaart te skat
    - Gaan skattings na met akkurate meting.
- **Huidige gebeure** **2 uur**
  - Plekke in die nuus op ‘n wêreldkaart (deurlopend deur die jaar) ****
  - Breedtegraad en lengtegraad van plekke in die nuus (Hersien ligging in grade)
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering moet op ‘n deurlopende basis plaasvind** **3 uur**

Notas

*** Daar word nie van leerders verwag om met die 1: 50 000 topografiese kaarte en ortofotokaarte op hierdie vlak te werk nie**

**** Projek: Hierdie onafhanklike studie is ‘n projek vir formele assessering. Stel hierdie projek vroeg in die kwartaal bekend vir indiening later in die kwartaal. Dit behoort nie baie formele klaskamertyd in beslag te neem nie. Daar moet egter tyd ingeruim word vir die verduideliking en die monitering van die projek.**

***** Die grootte van die gebied wat gekies word, moet die plaaslike konteks in ag neem: sommige gebiede het ‘n groter verskeidenheid verskynsels as ander. Hoe groter die verskeidenheid, hoe kleiner behoort die gekose gebied te wees.**

****** Nuus items kan die volgende insluit: ‘n nuusberig in die media of ‘n onderwerp wat van belang is vir leerders.**

Hierdie inhoud en die gepaardgaande konsepte moet met die geografiese doelwitte en vaardighede wat in Afdeling 2 aangedui is, geïntegreer word. Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 7: SENIOR FASE GEOGRAFIE KWARTAAL 2		
Onderwerp **Vulkane , aardbewings, en oorstromings**	**Voorgestelde kontaktyd** **Een kwartaal/15 uur**	**Aanbevole hulpbronne** • Atlasse • Foto's/DVDs van aardbewings, vulkane en noodlenigingswerk • Nuusverslae/tydskrifte • Prenteboeke

Inhoud en konsepte

- **Struktuur van die Aarde** **3 uur**
  - Kern, mantel, kors
  - Hoe die kors beweeg: Inleiding tot die tektoniese plate en plaatbewegings
- **Vulkane** **1 uur**
  - Vulkane - ligging oor die wêreld (kaart *)
  - Hoekom vulkane voorkom
- **Aardbewings** **4 uur**
  - Ligging van aardbewings oor die hele wêreld (kaart *)
  - Oorsake van aardbewings - verwys na die plaatbewegings **
  - Gevolge van aardbewings - insluitend beserings en lewensverlies, siekte, verplasing van mense, skade aan infrastruktuur, brande en tsoenami's
  - Waarom sommige gemeenskappe 'n hoër risiko as ander is.
  - Die vermindering van die impak - voorbereiding en reaksie op aardbewings
  - 'n Gevallestudie van 'n geselekteerde aardbewing ***
- **Oorstromings** **4 uur**
  - Oorsake van oorstromings - buitengewoon swaar reën, omgewingsfaktore (soos landbou, nedersetting, brande en die verlies van die plantegroei) en aardbewings (tsoenami's) ****
  - Invloed van oorstromings - insluitende beserings en lewensverliese, siekte, verplasing van mense, gronderosie, skade aan velde, geboue en infrastruktuur
  - Waarom sommige gemeenskappe 'n hoër risiko as ander is.
  - Die vermindering van die impak - voorbereiding en respons op oorstromings
  - 'n Gevallestudie van 'n geselekteerde oorstroming ***
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op 'n gereelde basis plaas te vind 3 uur**

Notas:

* Vulkane en aardbewings mag op dieselfde kaart getoon word. Hierdie kaart moet ook die verhouding tussen die tektoniese plate en aktiwiteit van vulkaniese/aardbewing toon.

** Verskuiwing is in die VOO Geografie-kurrikulum ingesluit. Dit is nie nodig om detail hier in te sluit nie.

*** Gevallestudies moet uit hierdie eeu wees. Die gevallestudie van die oorstroming behoort 'n Suid-Afrikaanse een te wees.

**** Dit is nie nodig om tropiese siklone of ander meteorologiese verskynsels op hierdie vlak te bestudeer nie. Hulle mag egter waar toepaslik genoem word as oorsaak vir swaar reën en oorstromings.

Hierdie inhoud en die gepaardgaande konsepte moet met die geografiese doelwitte en vaardighede wat in Afdeling 2 aangedui is, geïntegreer word. Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 7: SENIOR FASE GEOGRAFIE KWARTAAL 3		
Onderwerp: **Bevolkingsgroei en -verandering** **(Fokus: Wêreld)**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**	**Aanbevole hulpbronne** • Statistiek Suid-Afrika: Kort sensus • Data wat verband hou met die onderwerp • Atlasse

Inhoud en konsepte

- **Bevolkingskonsepte** **3 uur**
  - Geboortesyfer, sterftesyfers en bevolkingsgroei
  - Baba sterfesyfer
  - Lewensverwagting
- **Faktore wat geboorte- en sterftesyfers beïnvloed** **4 uur**
  - Siekte:
    - o Wydverspreide siektes soos MIV en VIGS, tuberkulose, malaria, diarree
    - o Pandemies van die verlede soos die Swart Dood in Europa, pokke aan die Kaap
  - Ekonomiese status
  - Familie behoeftes, houdings en oortuigings
  - Konflik en oorloë
  - Regering se beleid (soos in China)
- **Die Wêreld se bevolkingsgroei** **6 uur**
  - Patroon van die wêreld se bevolkingsgroei vanaf 1 nC tot vandag (die interpretasie van ‘n lyngrafiek)
  - Ontwikkelings wat bevolkingsgroei beïnvloed het:
    - o Verhoogde voedselproduksie
    - o Wetenskaplike ontwikkelings - soos die verhoogde begrip en beheer van siekte en infeksie, verbeterde sanitasie, geblikte voedsel en bevrore voedsel
    - o Verbeterde gesondheidsorg
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op ‘n gereelde basis plaas te vind** **2 uur**

Let wel:

* Die fokus van elk van hierdie konsepte moet handel oor hoe dit die bevolkingsgroei beïnvloed.

** Sommige van hierdie faktore het ‘n sterker impak op die geboortesyfers en ander op sterftesyfers. Ander is inter-verwant, omdat ‘n hoër sterfte risiko tot ‘n verhoogde geboortesyfer mag aanleiding gee.

Hierdie inhoud en die gepaardgaande konsepte moet met die geografiese doelwitte en vaardighede wat in Afdeling 2 aangedui is, geïntegreer word. Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 7: SENIOR FASE GEOGRAFIE KWARTAAL 4		
Onderwerp: **Natuurlike hulpbronne en bewaring in Suid-Afrika** *	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**	**Aanbevole hulpbronne** • Gevallestudie van bewaring, gemeenskaps- en eko-toerisme projekte • Foto's van bewaringsgebiede • Departement van Waterwese ** • Departement van Omgewingsake ** • Departement van Toerisme **

Inhoud en konsepte

- **Natuurlike hulpbronne** **3 uur**
  - Natuurlike hulpbronne op die aarde - met inbegrip van water, lug, woude, grond, diere- en marine lewe
  - Gebruik en misbruik van geselekteerde voorbeelde
- **Bestuur van hulpbronne** **5 uur**
  - Die konsep bewaring - insluitend redes vir bewaring
  - Bewaringsgebiede (insluitend marine reservate)
    - o Doel en plek
    - o Gevallestudie van 'n geselekteerde area
  - Gemeenskapsbewaringsprojekte - voorbeelde
  - Eko-toerisme - voorbeelde
- **Water in Suid Afrika** **4 uur**
  - Wie gebruik Suid-Afrika se water (sektordiagramme van watergebruikers)
  - Beskikbaarheid van water en die vereistes in Suid-Afrika
  - Die geskiktheid (gesondheidsgehalte) van riviere en die versorging van opvanggebiede
  - Verdwyning van vleilande en waarom bewaring nodig is - gevallestudie
  - Verantwoordelike gebruik van waterbronne- , landbou-, nywerheids- en huishoudelike gebruikers
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op 'n gereelde basis plaas te vind** **3 uur**

Notas:

* Die konsep wat sentraal is tot hierdie onderwerp is bewaring, of die bewaring en versigtige bestuur van die omgewing en natuurlike hulpbronne. Volhoubaarheid en die volhoubare gebruik van hulpbronne is 'n fokus in Graad 9.

** Die Departemente van Waterwese, Omgewingsake en Toerisme voorsien opgedateerde data en verslae op hul webwerwe.

Hierdie inhoud en die gepaardgaande konsepte moet met die geografiese doelwitte en vaardighede wat in Afdeling 2 aangedui is, geïntegreer word. Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 8: SENIOR FASE GEOGRAFIE KWARTAAL 1		
Onderwerp: **Kaarte en Aardbolle** **(Fokus: Globaal en plaaslik)**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**	**Aanbevole tekste/hulpbronne** • Atlasse • Aardbol (‘n model van die wêreld) • Flits • Satellietbeelde

Inhoud en konsepte

- **Kaarte en atlasse** **5 uur**
  - Breedteligging en Lengteligging - grade en minute
  - Die gebruik van die atlas-indeks om plekke op ‘n kaart te vind
  - Soorte skale in ‘n atlas (wêreld, streeks-, plaaslike)
  - Skaal
    - o Hersien lyn- en woordskale
    - o Bekendstelling van verhoudingskale (aantal skale)
    - o Bereken afstande tussen nedersettings (globaal en in Suid-Afrika) deur gebruik te maak van verskillende skale
  - Plekke in die nuus (deurlopend deur die jaar) **
- **Die aardbol** **6 uur**
  - Halfronde (hersiening van Graad 6)
  - Die aarde se rotasie om sy eie as - dag en nag (hersiening)
  - Wêreldtyd, tydsones en die internasionale datumlyn
  - Suid-Afrikaanse standaardtyd
  - Die aarde se omwenteling om die son:
    - o Hoek van die as
    - o Eweninge, sonstilstand en die verandering in die hoek van die middagson
    - o Seisoenale veranderinge in die lengtes van die dag en nag
    - o Seisoenale temperatuurverandering
- **Satellietbeelde** **2 uur**
  - Hoe satellietbeelde lyk
  - Inligting van satellietbeelde - water, plantegroei, grondgebruik en wolkformasies
  - Hoe satellietbeelde gebruik word
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op ‘n gereelde basis plaas te vind 2 uur**

Notas:

*** Stel die leerders se kennis oor die aarde se plek in die sonnestelsel vas, alvorens daar met hierdie onderwerp begin word (Natuurwetenskappe).**

****** Nuusberigte kan enige nuus in die media of van belang vir leerders, insluit. (Berigte moet nie alleen geografies van aard wees nie, aangesien die klem op die opspoor van nuusberigte in hul geografiese konteks moet wees.)

Hierdie inhoud en die gepaardgaande konsepte moet met die geografiese doelwitte en vaardighede wat in Afdeling 2 aangedui is, geïntegreer word. Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 8: SENIOR FASE GEOGRAFIE KWARTAAL 2		
Onderwerp: **Klimaatstreke** **(Fokus: Suid- Afrika en die wêreld)**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**	**Aanbevole tekste/hulpbronne** • Atlasse • Prente/foto's om die omstandighede in die verskillende klimaatstreke te illustreer • Klimaatstatistieke – verwys na: 'Weather SA'; '*World Climate statistics'* • Aardbol

Inhoud en konsepte

- **Faktore wat temperatuur en reënval beïnvloed** **5 uur**
  - Afstand vanaf die ewenaar (breedteligging)
  - Afstand van die see
  - Hoogte bo seevlak
  - Seestrome
  - Berge (reliëf)
- **Die klimaat van Suid-Afrika** **4 uur**
  - Fisiese kaart van Suid-Afrika (hersiening van Graad 5)
  - Hoe elk van die bogenoemde faktore temperatuur en reënval in geselekteerde plekke - soos Beaufort-Wes, Kaapstad, Durban, George, Johannesburg, Mbombela, Mmabatho, Mthatha, Port Nolloth, Upington, beïnvloed **
- **Klimaat oor die wêreld heen** **4 uur**
  - Verskil tussen die weer en klimaat (hersiening van Graad 5)
  - Elemente van die weer - temperatuur, humiditeit, winde en neerslag
  - Klimaatstipes: Tropiese, subtropiese, gematigde, woestyn, semi-woestyn, kontinentale, pool, Medittereense, toendra en hoë berge (Alpynse)***
  - Kenmerke van temperatuur en reënval van verskillende klimaatstipes (kolom- en lyngrafieke)
  - Klimaatstreke van die wêreld:
    - o Kaart met klimaatstreke ***
    - o Verband tussen klimaatstreke en faktore wat temperatuur en reënval beinvloed
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op 'n gereelde basis plaas te vind** **2 uur**

Let wel:

* Verduideliking van hoe hierdie faktore temperatuur en, waar toepaslik, reënval beïnvloed. Winde word op VOO-vlak bestudeer.

** Verwys na die gemiddelde maandelikse syfers. Hierdie sentrums word as 'n voorbeeld van verskillende klimaatstreke regoor Suid-Afrika gekies. Ander kan bygevoeg of vervang word. Leerders moet ook redes verskaf vir die reënval- en temperatuurstatistiek van hul eie area (waar dit nie deur bogenoemde gedek is nie).

*** Verskillende atlasse en tekste mag 'n afwyking op die bogenoemde klimaatstreke verskaf. Dit is aanvaarbaar, solank as 'n reeks van ses of meer klimaatstreke ingesluit is.

Hierdie inhoud en die gepaardgaande konsepte moet met die geografiese doelwitte en vaardighede wat in Afdeling 2 aangedui is, geïntegreer word. Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 8: SENIOR FASE GEOGRAFIE KWARTAAL 3		
Onderwerp: **Nedersetting (Afrika met 'n fokus op Suid-Afrika)**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**	**Aanbevole hulpbronne** • Grondgebruikskaarte • Foto's (insluitende lugfoto's) om verskillende soorte nedersettings te illustreer • Lede van gemeenskap/elders – veral vir die projek • Vertellings/gevallestudie om die omstandighede wat verstedeliking veroorsaak illustreer

Inhoud en konsepte

- **Nedersetting en grondgebruik *** **3 uur**
  - Stedelike nedersettings
    - o Grondgebruik binne stedelike nedersettings - insluitend die sentrale sakegebied, gebiede vir ligte en swaar nywerhede, residensiële gebiede (hoë-, middel-en lae-inkomste), winkelsentrums, dienste en ontspanning
  - Landelike nedersettings
    - o Grondgebruik in landelike nedersettings - insluitend landbou, mynbou, bosbou, vissery
- **Grondgebruik op lugfoto's en grootskaalkaarte **** **3 uur**
  - Hoe lugfoto's lyk (skuins en vertikaal)
  - Inligting vanaf lugfoto's - natuurlike en beboude verskynsels
  - Die identifisering van grondgebruike in die stedelike nedersettings (lugfoto's en grootskaal kaarte *)
- **Navorsing van 'n nedersetting (projek) ***** **2 uur**
  - 'n Onafhanklike studie van 'n nedersetting bekend aan die individuele leerder
    - o Beskryf die nedersetting en die verskillende soorte grondgebruik.
    - o Identifiseer spesifieke verskynsels of bakens (natuurlike en/of mensgemaakte).
    - o Stel redes voor vir die ligging van hierdie nedersetting ****.
    - o Bespreek agteruitgang en/of die groei van die bevolking van die nedersetting en verskaf redes.
    - o Identifiseer en bespreek een sosiale of omgewingskwessie.
    - o Sluit onderhoude met lede van die gemeenskap, tekeninge, 'n sketskaart en enige ander toepaslike illustratiewe materiaal in.

Verstedeliking **5 uur**

- Konsep van verstedeliking
- Waarom groei stede – stoot en trekfaktore verantwoordelik vir migrasie (Afrika met fokus op Suid- Afrika)****
- Oorsig van verstedeliking in Suid-Afrika - insluitende kwessies wat met bevolkingsbeheer tydens apartheid verband hou
- Sosiale kwessies wat verband hou met die vinnige groei van stede - soos behuising en dienslewering (insluitende gesondheidsorg en onderwys)

- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op 'n gereelde basis plaas te vind** **2 uur**

Let wel:

* Modelle van die grondgebruik is nie nodig op hierdie vlak. Fokus slegs op die kenmerke van grondgebruiksones. Voorbeelde van Afrika (insluitend Suid-Afrika) moet opgestel word.

** Topografiese en ortofotokaarte word in graad 9 bekendgestel. Die oogmerk hier is om foto's en eenvoudige, geskakeerde gebruikskaarte te gebruik.

***** Hierdie onafhanklike studie is 'n projek vir formele assessering. Stel hierdie projek vroeg in die kwartaal bekend om later tydens die kwartaal in te handig. Dit behoort nie baie formele kontaktyd op te neem nie. Dit is egter noodsaaklik om tyd in te ruim om die projek te verduidelik en te moniteer.**

**** Hersiening en voortsetting van Graad 6, "Waarom mense woon waar hulle woon".

Hierdie inhoud en die gepaardgaande konsepte moet met die geografiese doelwitte en vaardighede wat in Afdeling 2 aangedui is, geïntegreer word. Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 8: SENIOR FASE GEOGRAFIE KWARTAAL 4		
Onderwerp: **Vervoer en handel** **(Fokus: Suid-Afrika en die wêreld)**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**	**Aanbevole hulpbronne** • Atlasse • Kaarte van vervoerroetes – Suid-Afrika en die Wêreld • Voorbeelde van stedelike openbare vervoerstrategieë regoor die wêreld

Inhoud en konsepte

- **Handel en vervoer oor die wêreld heen** **3 uur**
  - Redes vir handel (Hersiening van graad 6)
  - Verband tussen handel en vervoer - voorbeelde om te illustreer
  - Verskillende maniere van vervoer en hul gebruike: die see, lug-, pad-, spoor-en pyplyn
- **Handel en vervoer in Suid-Afrika *** **4 uur**
  - Hoofpaaie, spoorweë, lughawens en hawens in Suid-Afrika (kaart)
  - Gevallestudie van 'n geselekteerde Suid-Afrikaanse hawe
    - o Redes vir die ligging
    - o Hoofuitvoere en -invoere
    - o Gespesialiseerde skepe - soos houerskepe, tenkskepe, passasierskepe, vragskepe vir gespesialiseerde vrag
    - o Skakels met ander vervoer - soos pad-, spoor-, pyplyn
  - Voordele en nadele van pad-en spoorvervoer
  - Vereistes vir toekomstige vervoernetwerke
- **Mense en vervoer in stedelike gebiede **** **5 uur**
  - Openbare vervoerstelsels in stedelike gebiede - soos busse en treine
  - Privaat vervoermiddels - soos minibustaxi's, motors en fietse
  - Vervoerkwessies - soos koste vir pendelaars, verkeersopeenhopings en besoedeling
  - Openbare transito-strategieë - soos vinnige vervoerstelsels, gesubsidieerde openbare vervoer, bus- en fietslane, parkeer- en- ry, motorvrye sones***
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op 'n gereelde basis plaas te vind** **3 uur**

Notas:

*** Die fokus behoort hier op nasionale, in teenstelling met stedelike of streeks-, patrone van vervoergebruik geplaas te word.**

**** Die fokus in hierdie artikel is op pendelaarvervoer.**

***** Verskaf beide Suid-Afrikaanse en internasionale voorbeelde.**

Hierdie inhoud en die gepaardgaande konsepte moet met die geografiese doelwitte en vaardighede wat in Afdeling 2 aangedui is, geïntegreer word. Leerders moet gereeld lees en skryf.
Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 9: SENIOR FASE GEOGRAFIE KWARTAAL 1		
Onderwerp: **Kaartvaardighede** **(Fokus: Topografiese en ortofotokaarte)**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**	**Aanbevole hulpbronne** • Plaaslike en ander topografiese en ortofotokaarte en lugfoto's* • Satellietbeelde (soos Google Earth) • Atlasse • Landskapmodelle (dit kan gedoen word deur gebruik te maak van herwinbare afval)

Inhoud en konsepte

- **Kontoerlyne** **3 uur**
  - Die konsep kontoerlyne (modelle en landskapskaarte met die landskapsverskynsels)
  - Steil en geleidelike hellings (beskrywing van gradiënt)
  - Riviervalleie en uitlopers
- **1: 10 000 Ortofotokaarte*** **3 uur**
  - Vertikale lugfoto's (Hersien Graad 8)
  - Ortofotobeelde gemaak vanaf lugfoto's
  - Hoe hoogtes op 'n ortofotokaart aangedui word
  - Kontoerlyne op ortofotokaarte – identifisering van verskynsels
- **1: 50 000 Topografiese kaarte*** **4 uur**
  - Lees kaartsimbole om die volgende te identifiseer:
    - o Natuurlike verskynsels op topografiese kaarte
    - o Beboude verskynsels op topografiese kaarte
  - Leidrade van hoogtes op topografiese kaarte
  - Kontoerpatrone wat riviervalleie, heuwels, berge, rûe en uitlopers toon
  - Skaal en die meet van afstand op topografiese kaarte - deur lyn- en verhoudingskale te gebruik
  - Koördinate om verskynsels te bepaal
- **Inligting vanaf kaarte en foto's** **2 uur**
  - Interpreteer inligting vanaf topografiese en ortofotokaarte asook lugfoto's: **
    - o Beskryf landskap
    - o Identifiseer grondgebruik
    - o Nedersettingspatrone - identifiseer die vorm, grootte, ligging
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op 'n gereelde basis plaas te vind** **3 uur**

Let wel:

* Topografiese en ortofotokaarte asook lugfoto's is beskikbaar vanaf Die MapPack Projek, Privaatsak X10, Mowbray 7700. Faks: 021 689 1351. Telefoon: 021 658 4300. E-pos: ngi@ruraldevelopment.gov.za .

** Dit is nie noodsaaklik om kaarte en lugfoto's van dieselfde gebied te gebruik nie. Kruisverwysing en vergelyking van 'n gebied wat op 'n verskeidenheid wyses getoon word, is egter die moeite werd.

Hierdie inhoud en die gepaardgaande konsepte moet met die geografiese doelwitte en vaardighede wat in Afdeling 2 aangedui is, geïntegreer word.Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 9: SENIOR FASE GEOGRAFIE KWARTAAL 2		
Onderwerp: **Ontwikkelingskwessies** (Fokus: Suid-Afrika en die wêreld)	**Voorgestelde kontaktyd** **Een kwartaal/15 uur**	**Aanbevole hulpbronne** • Statistiek Suid-Afrika – Verkorte Sensus • Atlasse

Inhoud en konsepte

- **Ontwikkeling** **4 uur**
  - Betekenis van ontwikkeling - insluitend ekonomiese, sosiale en omgewingsaspekte *
  - Maniere om ontwikkeling te meet
  - Die Menslike Ontwikkelingsindeks (HDI) - lewensverwagting, onderwys, per capita BBP
    - Wêreldkaart wat die HDI (Lande se posisie ten opsigte van vlak van hoë, middel of lae ontwikkeling) aandui
  - Verskille in die ontwikkeling rondom die wêreld - vergelykings van geselekteerde lande en streke
- **Faktore wat ontwikkeling beïnvloed** **4 uur**
  - Redes vir verskille in die ontwikkeling **
    - Historiese faktore soos kolonialisme
    - Handel - wanbalanse, onbillike handel
    - Tegnologie en industrialisasie
    - Gesondheid en Welsyn
    - Onderwys
    - Politieke stabiliteit
- **Geleenthede vir ontwikkeling *** **4 uur**
  - Billiker handelsverhoudings
  - Alternatiewe ontwikkeling - veral alternatiewe ten opsigte van industrialisering
  - Volhoubare ontwikkeling - insluitende die ekonomiese, sosiale en omgewingsfaktore
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op 'n gereelde basis plaas te vind** **3 uur**

Notas:

* Ontwikkeling sluit in om binne die aarde se vermoë pe lewe en die fokus op die kwaliteit van lewe en behoeftes van die armes. 'n Kritiese benadering tot die interpretasie van die ontwikkeling word benodig.

** Hierdie is belangrike faktore, maar moet nie gesien word as 'n volledige lys nie.

*** Dwarsdeur hierdie afdeling word voorbeelde van ontwikkelingsprogramme ingesluit, soos onderwys en opleiding, landelike ontwikkeling en gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe. Neem kennis dat by die keuse van voorbeelde is voedselproduksie en landbou 'n fokus in Kwartaal 4 (gebruik van hulpbronne en volhoubaarheid).

Hierdie inhoud en die gepaardgaande konsepte moet met die geografiese doelwitte en vaardighede wat in Afdeling 2 aangedui is, geïntegreer word. Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word

GRAAD 9: SENIOR FASE GEOGRAFIE KWARTAAL 3		
Onderwerp: **Oppervlakkragte wat die Aarde vorm (Fisiese Geografie**)	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**	**Aanbevole hulpbronne** • Foto's van 'n reeks landvorme • Topografiese kaarte *

Inhoud en konsepte

- **Verwering** **3 uur**
  - Die konsep verwering
  - Fisiese verwering
  - Chemiese verwering
  - Biologiese verwering
  - Impak van menslike aktiwiteite op verwering
- **Erosie en afsetting **** **7 uur**
  - Verskil tussen verwering, erosie en afsetting
  - Riviere - kenmerke van erosie en afsetting langs 'n rivierloop
  - See - kenmerke van erosie en afsetting wat verband hou met die golfaksie: die krag van die golwe en tipiese landvorme
  - Bewegende ys - kenmerke van erosie en afsetting wat met gletsers/bevrore landskappe geassosieer word
  - Wind - kenmerke van erosie en afsetting wat verband hou met die wind
- **Die impak van mense op gronderosie** **3 uur**
  - Menslike bydraes tot erosie deur middel van landbou, konstruksie en mynbou
  - Gevallestudie: landbou as 'n bydraer tot erosie
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op 'n gereelde basis plaas te vind** **2 uur**

Let wel:

* Topografiese en ortofotokaarte asook lugfoto's is beskikbaar vanaf Die MapPack Projek, Privaatsak X10, Mowbray 7700. Faks: 021 689 1351. Telefoon: 021 658 4300. E-pos: ngi@ruraldevelopment.gov.za.

** Sluit waar moontlik deurgaans tydens die sub-onderwerp voorbeelde van landvorme in Suid-Afrika, in. Beperk die aantal landvorme en detail vir elk.

Hierdie inhoud en die gepaardgaande konsepte moet met die geografiese doelwitte en vaardighede wat in Afdeling 2 aangedui is, geïntegreer word. Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word

GRAAD 9: SENIOR FASE GEOGRAFIE KWARTAAL 4		
Onderwerp: **Hulpbrongebruik en volboubaarheid** **(Fokus: Die Wêreld)**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**	**Aanbevole hulpbronne** • Atlasse • Atlas van die Aarde se hulpbronne en bestuur daarvan • Gevallestudies, foto's om die inhoud van die onderwerp te illustreer • Metaalartefakte, soos byvoorbeeld blikkies, voor en na herwinning

Inhoud en konsepte

- **Gebruik van hulpbronne** **4 uur**
  - Gebruike van natuurlike hulpbronne - hernubare en nie-hernubare
  - Effekte van 'n onverstandige gebruik van hulpbronne
    - o Oorbevissing van die oseane
    - o Oorbeweiding
- **Volhoubare gebruik van hulpbronne** **4 uur**
  - Konsepte van 'n volhoubare en onvolhoubare gebruik van hulpbronne
  - Maniere hoe hulpbronne volhoubaar gebruik kan word
    - o Volhoubare visvangpraktyke
    - o Volhoubare grondgebruik vir weiding
  - Die rol van verbruikers - individue, besighede en regerings - in die keuse van meer volhoubare gebruik van hulpbronne - soos die vermindering van druk op hulpbronne, die verlaging van koolstof-voetspoor
- **Voedselhulpbronne** **4 uur**
  - Konsep van voedselsekuriteit - plaaslike, streeks- en globale voorbeelde
  - Die rol van wetenskap en tegnologie in voedselproduksie *
    - o Nywerheidsboerdery - die verhoging van die vee op 'n hoë digtheid
    - o Genetiese modifisering van gewasse
  - Volhoubare boerdery - toepaslike tegnologie en boerdery tegnieke
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op 'n gereelde basis plaas te vind** **3 uur**

Let wel:

* Sluit kritiese studie van die voordele en nadele van verskillende vorme van voedselproduksie in. Sosiale, omgewings-, ekonomiese-, gesondheids-en etiese (insluitend diereregte) kwessies moet in ag geneem word.

Hierdie inhoud en die gepaardgaande konsepte moet met die geografiese doelwitte en vaardighede wat in Afdeling 2 aangedui is, geïntegreer word. Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word

3.2 SENIOR FASE GESKIEDENIS: RAAMWERK VAN DIT WAT ONDERRIG BEHOORT TE WORD

GRAAD 7: SENIOR FASE GESKIEDENIS KWARTAAL 1	
Onderwerp: **Die koninkryk van Mali en die stad Timboektoe gedurende die 14de eeu**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**
Die inhoud moet met die historiese doelwitte en vaardighede asook die gepaardgaande konsepte soos aangedui in Afdeling 2, geïntegreer word	

Agtergrond: • Onderwysers moet daarop let dat die woord “bronne” doelbewus verander Is na “hoe vind ons inligting oor die verlede” vir Graad 4-6. Die woord “bronne” moet in Graad 7 bekendgestel word.

Fokus: Die ontwikkeling van ‘n ryk ekonomie en ‘n opvoedkundige sentrum lank gelede in die koninkryk van Mali.

Inhoud en konsepte

- **Handel oor die Saharawoestyn** **2 uur**
  - Kameelkaravane as ‘n vervoermiddel
  - Goedere, insluitende sout wat vanaf Europa en Noord-Afrika in Mali gebring is, waar hulle vir goud, slawe, ivoor en volstruisvere verruil is
  - Verspreiding van Islam oor Noord-Afrika en in Wes-Afrika via handelaars in die 9de eeu
- **Die koninkryk van Mali** **3 uur**
  - Mali op die hoogtepunt van sy mag onder Mansa Musa In die vroeë 14de eeu
  - Mansa Musa se pelgrimstog na Mekka
  - Konstruksie van die Groot Moskee
- **Die stad Timboektoe**
  - Leo Africanus se ooggetuie stories van sy reise **2 uur**
    - o Reis langs die karavaanroetes, in die Sahara woestyn en twee besoeke aan Timboektoe
    - o Beskrywings van Timboektoe in sy boek *Description of Africa (*Beskrywing van Afrika) (1550)
  - Timboektoe as ‘n handelsentrum op die Trans-Sahara karavaanroete **2 uur**
    - o Goedere uit die Mediterreense kuslyn en sout in Timboektoe vir goud verhandel
  - Timboektoe as ‘n opvoedkundige sentrum **3 uur**
    - o Wiskunde, Chemie, Fisika, optika, sterrekunde, medisyne, geskiedenis, geografie, die tradisies van die Islam, regeringswette en nog baie meer
    - o Timboektoe Manuskripteprojek en Suid-Afrikaanse samewerking
    - o Waarom Timboektoe ‘n Wêreld Erfenisterrein is
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op ‘n gereelde basis plaas te vind** **3 uur**

Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 7: SENIOR FASE GESKIEDENIS KWARTAAL 2	
Onderwerp: **Die Trans-Atlantiese slawehandel**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**
Die inhoud moet met die historiese doelwitte en vaardighede asook die gepaardgaande konsepte soos aangedui in Afdeling 2, geïntegreer word	

Fokus: Die aard en impak van die slawehandel tussen Wes-Afrika en die Suide van Amerika

Inhoud en konsepte

- **Wes-Afrika voor die Europese slawehandel** **1 uur**
- **Die aard van die slawerny in Wes-Afrika voor die Europeërs**
- **Slawerny in die Suide van Amerika** **3 uur**
  - Plantasies: tabak, rys, suikerriet en katoen
  - Redes vir die gebruik van slawe-arbeid
  - Hoe slawe gevange geneem, verkoop en vervoer is van Wes-Afrika
  - Slawemarkte
  - Getalle van slawe wat na Amerika geneem is
  - Wat met die grondstowwe plaasgevind het wat deur slawe geproduseer is
- **Die impak van die Trans-Atlantiese slawehandel op slawe** **6 uur**
  - Wat dit was om ‘n plantasie slaaf te wees in die Amerikaanse Suide.
    - o Slawekultuur in liedere- en storievorm
    - o Weerstand teen slawerny: individuele response, bv. traagheid, passiwiteit, onverskilligheid, ontduiking, alkoholisme, vlug, selfmoord, brandstigting, moor van eienaars
    - o Rebellie teen slawerny
    - o Nat Turner se opstand 1831
    - o Joseph Cinque en die Amistad Muitery 1839
    - o Die Ondergrondse Spoorstelsel (‘n Informele netwerk van geheime roetes en veilige huise wat deur die slawe gebruik is om te ontsnap)
    - o Harriet Tubman: slawe wat ontvlug na vryheid, en die ander slawe gehelp het om te ontsnap
    - o Die storie van John Brown en sy missie om slawerny af te skaf
- **Die impak van die Trans-Atlantiese slawehandel op die ekonomieë van:** **2 uur**
  - Wes-Afrika
  - Amerika en Brittanje
  - Aanwinste vir Amerika en Brittanje, en ‘n negatiewe impak op die Wes-Afrika
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op ‘n gereelde basis plaas te vind** **3 uur**

Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 7: SENIOR FASE GESKIEDENIS KWARTAAL 3	
Onderwerp: **Kolonisasie van die Kaap in die 17de en 18de eeu**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**
Die inhoud moet met die historiese doelwitte en vaardighede asook die gepaardgaande konsepte soos aangedui in Afdeling 2, geïntegreer word	

Fokus: Kolonisasie, die uitbreiding van die grense van die Nederlandse nedersetting en onmiddellike gevolge aan die Kaap

Inhoud en konsepte

- **Hersien van Graad 5:** **2 uur**
  - Inheemse inwoners van die Kaap in die 17de eeu
  - Waar Afrikaan/Swart boere gevestig was (aan die ooste kant van die Kaap as gevolg van die klimaatsbeperkinge van sorghum en broodmanna: gevestig in die somerreënval gebiede wat ongeveer 500mm reën ontvang het gedurende die somer groeiseisoen)
- **Nederlandse nedersetting** **10 uur**
  - Redes vir die permanente nedersetting van die VOC (NOIK) aan die Kaap 1652
  - Gevolge van die Hollanders
  - Slawe in die Kaap
    - o Waarom slawe na die Kaap gebring is
    - o Waarvandaan die slawe afkomstig is
    - o Hoe die slawe na die Kaap gebring is
    - o Hoe dit was om ‘n slaaf aan die Kaap te wees
    - o Oorsake en gevolge van slaweweerstand aan die Kaap
    - o Slawenalatenskap aan die Kaap, insluitende die godsdiens van Islam en die ontwikkeling van die Afrikaanse taal
  - Vryburgers; immigrasie van Hollanders en Franse Hugenote na die Kaap
  - Die uitbreiding van die Europese grense
    - o Die beweging van trekboere met hul slawe en bediendes na die binneland
    - o Leefwyse en stories van trekboere
  - Grondonteiening en die gevolge vir die inheemse bevolking
    - o Genadendal: die eerste sendingstasie in Suider-Afrika 1738
    - o Die werk van William Bleek en Lucy Lloyd
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op ‘n gereelde basis plaas te vind** **3 uur**

Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 7: SENIOR FASE GESKIEDENIS KWARTAAL 4	
Onderwerp: **Samewerking en konflik op die grense van die Kaapkolonie in die vroeë 19de eeu**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**
Die inhoud moet met die historiese doelwitte en vaardighede asook die gepaardgaande konsepte soos aangedui in Afdeling 2, geïntegreer word	

Fokus: Kolonisasie, die uitbreiding van die grense van die Britse nedersetting en onmiddellike gevolge aan die Kaap in die vroeë 19de eeu

Inhoud en konsepte

- **Aankoms van die Britte en die uitbreiding van die grense van Europese nedersetting** **2 uur**
- **Die oosgrens van Europese nedersetting** **5 uur**
  - Die Grensoorloë aan die oostelike grens van Europese nedersetting
    - o Gevallestudie: Hoof Maqoma (1798 - 1873) en Xhosa weerstand teen die Britse bewind
  - Soldate en amptenare
    - o Gevallestudie: Andries Stockenström (1792 - 1864) en sy betrokkenheid op die oosgrens van Europese nedersetting
  - Britse immigrasie
  - Afskaffing van slawerny 1836
  - Boere migreer en beweeg na die binneland: Groot Trek
    - o Gevallestudie: Die lewens van inboekelinge
- **Die noordelike grens van Europese nedersetting** **5 uur**
  - Uitbreiding van handelsverhoudings op die noordelike grens van Europese nedersetting
  - Kora en Griekwa-groeperings (mense van gemengde afkoms en wegloperslawe wat ontsnap het uit die Kolonie): dryf handel met vervaardigde goedere, tabak en pakbeeste van die Kaap
  - Die suidelike grense van die Tswana-wêreld *: dryf handel met ivoor, huide, velle en pelse, yster en koper met Kora en Griekwa
  - Sendelinge en handelaars
    - o Gevallestudie: Robert Moffat (1795 – 1883) in Kuruman

Nota:

* Tswana dorpe van die vroeë 19de eeu was van die grootste nedersettings in Suider-Afrika op daardie tydstip. Volgens reisigers se geskrifte en skattings wat deur argeoloë gedoen is het die aantal mense wat teen AD 1820 in klip-versterkte stede soos Marothodi, Molokwane of Kaditshwene gewoon het, gewissel van sowat 4 000 tot soveel as 20 000. Slegs Kaapstad was van ‘n soortgelyke grootte, en die stede Johannesburg en Pretoria het glad nie bestaan nie.

- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op ‘n gereelde basis plaas te vind** **3 uur**

Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 8: SENIOR FASE GESKIEDENIS KWARTAAL 1	
Onderwerp: **Die Industriële Revolusie in Brittanje en Suidelike Afrika vanaf 1860**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**

Die inhoud moet met die historiese doelwitte en vaardighede asook die gepaardgaande konsepte soos aangedui in Afdeling 2, geïntegreer word

Agtergrond: Die Minerale Revolusie in Suid-Afrika het met die ontdekking van diamante in Kimberley in 1867 begin; en is versterk met die ontdekking van goud op dieper vlakke aan die Witwatersrand in 1886. Die Britte was reeds besig om dele van Suider-Afrika te kolonialiseer teen die tyd dat diamante ontdek is en die Industriële Revolusie in Brittanje het dit 'n sterker en doelgerigte koloniale mag gemaak. Die nuwe diamant rykdom in Suid-Afrika het die Britte geleidelik gelok om die beheer van die hele Suid-Afrika oor te neem.

Fokus: Veranderinge in Brittanje gedurende die Industriële Revolusie, en die begin van die Industriële Revolusie wat in Suid-Afrika teweeg gebring is deur ontginning van diamante en Brittanje se groeiende belangstelling in Suid-Afrika.

Inhoud en konsepte

- **Veranderinge in Brittanje gedurende die Industriële Revolusie** **6 uur**
  - Rykdom van slawehandel
  - Ekonomie voor die Industriële Revolusie: boerdery ekonomie, kothuisnywerhede
  - Wat die Industriële Revolusie behels:
  - Sosiale veranderinge gedurende die Industriële Revolusie
    - o Verstedeliking en verandering van lewensomstandighede - die lewens van die werkersklas, insluitende oorvol behuising (oorbesetting), armoede en werkershuise
    - o Die myne en fabrieke - kinderarbeid in meule en myne
  - Arbeid, weerstand, die vakbondbeweging en die werkersklas-organisasies
    - o Swing Onluste (landbou); Luddites (bedryf)
    - o Grand National Consolidated Werkersunie (1833)
  - Verhoogde mag en rykdom van Brittanje en Wes-Europese ekonomieë
- **Suidelike Afrika teen 1860** **3 uur**
  - Kaart en 'n kort beskrywing van politieke nedersetting
  - Ingeboekte arbeid van Indië om op suikerplantasies in die Britse kolonie van Natal te werk
    - o Indië as 'n Britse kolonie
    - o Redes waarom arbeid ingevoer is: Zoeloe-koninkryk was nog onafhanklik
    - o Redes vir die vraag na suiker in Brittanje
    - o Voorwaardes waaronder kontrakarbeiders gewoon en gewerk het
    - o Passasier Indiërs vanaf 1869
- **Ontginning van diamante in Kimberley vanaf 1867** **3 uur**
  - Waarom diamante so waardevol is
  - Britse oorname van diamantryke grond in Griekwaland-Wes
  - Ontginning van diamante en die ontwikkeling van 'n monopolie: een persoon een eis; wat met swart eisers gebeur het, probleme met betrekking tot die dieper ontginning in myne, die stigting van maatskappye, Cecil John Rhodes en Barney Barnato, die stigting van De Beers Consolidated Mines Limited, die regulering van aanbod en die prys van diamante
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op 'n gereelde basis plaas te vind** **3 uur**

Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 8: SENIOR FASE GESKIEDENIS KWARTAAL 2	
Onderwerp: **Die Minerale Revolusie in Suid-Afrika**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**

Die inhoud moet met die historiese doelwitte en vaardighede asook die gepaardgaande konsepte soos aangedui in Afdeling 2, geïntegreer word

Agtergrond: Die Minerale Revolusie in Suid-Afrika het met die ontdekking van diamante in Kimberley in 1867 begin; en is versterk met die ontdekking van goud op dieper vlakke aan die Witwatersrand in 1886. Teen die tyd dat goud ontdek is, het die Afrika-koninkryke hul onafhanklikheid verloor. Gedurende die goudmynbou-rewolusie is patrone ten opsigte van grond en arbeid gevestig en is in die 20ste eeu voortgesit.

Fokus: Veranderende magsbalans in Suid-Afrika wat deur goudmynbou teweeggebring is, en die fondamente van rasse-segregasie

- **Brittanje, diamantontginning en toenemende arbeidsbeheer en gebiedsuitbreiding** **2 uur**
  - Die toename in beheer oor die swart werkers: geslote kampongs en trekarbeid
  - Verdere onteiening van grond en die nederlaag van Afrika-koninkryke: Xhosa 1878 en Pedi en die Zoeloe 1879
- **Goudmynontginning op groot dieptes aan die Witwatersrand vanaf 1886**
  - Waarom goud so waardevol is **1 uur**
  - Die ontdekking en ontginning van goud aan die Witwatersrand **7 uur**
    - Hoe goud ontgin word.
    - Ondergrondse omstandighede
    - Die Randhere en die vorming van die Kamer van Mynwese
    - Trekarbeiders (meer sistematiese beheer en leen van die kampongstelsel van Kimberley)
    - Toenemende druk op vroue in die reserwes, die verbrokkeling van families
    - Geskoolde en ongeskoolde wit werkers
    - Anti-Indiese wetgewing
    - Soorte arbeidsweerstand
    - Die stad Johannesburg
  - Die Minerale Revolusie as ‘n keerpunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis **2 uur**
    - Die verskuiwing van magsbalans: oorwinning or die Boererepublieke 1902; Afrikaanse Politieke Organisasie (APO) 1902, Transvaal Indian Congress (TIC) 1903; Bambatha Rebellie 1906; Unie 1910; ontstaan van die Suid-Afrikaanse Native National Congress (SANNC) 1912 (later herdoop tot die ANC); Satyagraha-veldtog van 1913 - 1914; Wet op Grond 1913
    - Kaart van Suider-Afrika in 1913, in vergelyking met 1860
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op ‘n gereelde basis plaas te vind** **3 uur**

Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 8: SENIOR FASE GESKIEDENIS KWARTAAL 3	
Onderwerp: **Die Stormloop vir Afrika: laat 19de eeu**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**
Die inhoud moet met die historiese doelwitte en vaardighede asook die gepaardgaande konsepte soos aangedui in Afdeling 2, geïntegreer word	

Agtergrondsinligting: Die kolonisasie van Afrika was deel van 'n globale Europese proses om al die kontinente van die wêreld te bereik. Europese kolonisasie en oorheersing het die wêreld dramaties verander.

Fokus: Oorsake en gevolge van die Europese kolonisasie van die vasteland van Afrika, met spesiale fokus op die Ashanti-koninkryk (gekoloniseer deur die Britte as die Goue Kus, en vandag die onafhanklike Afrika-land Ghana).

Inhoud en konsepte

- **Europese kolonisasie van Afrika in die laat 19de eeu** **8 uur**
  - Afrika voor Europese kolonisasie
    - o Kaart van Afrika 1800
  - Berlynkonferensie van 1884
    - o Kaart van Afrika (wat verskillende koloniale lande toon)
  - Oorsake van kolonisasie
  - Patrone van kolonisasie: watter lande watter dele van Afrika gekoloniseer het
  - Waarom Europese magte in staat was om Afrika so vinnig te koloniseer
  - Gevolge van kolonisasie
- **Gevallestudie: Die Ashanti-koninkryk** **5 uur**
  - Die kus van Wes-Afrika voor die aankoms van die Europeërs
  - Die Ashanti en hul vroeë kontak met Europese handelaars en ontdekkers
  - Die Britte en die kolonisasie van die Goue Kus
  - Gevolge van kolonisasie vir die Ashanti-koninkryk en Brittanje
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op 'n gereelde basis plaas te vind** **2 uur**

Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 8: SENIOR FASE GESKIEDENIS KWARTAAL 4	
Onderwerp: **Eerste Wêreldoorlog (1914 – 1918)**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**
Die inhoud moet met die historiese doelwitte en vaardighede asook die gepaardgaande konsepte soos aangedui in Afdeling 2, geïntegreer word	

Fokus: Oorsake van die Eerste Wêreldoorlog en aspekte van mense se ervaring tuis en by die oorlog.

Inhoud en konsepte

- **Redes waarom die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek het** **3 uur**
  - Oorsig van langtermyn-oorsake: Nasionalisme, industriële ekonomieë, die beheer van die see, kolonisasie en Imperiale ryke
  - Onmiddellike oorsaak: Sluipmoord van Aartshertog van Oostenryk in Sarajewo
  - Lande in Europa wat geveg het: Geallieerde Magte vs Spilmoondhede
- **Aspekte van die ervarings in die Eerste Wêreldoorlog** **5 uur**
  - Diensplig en propaganda in Brittanje
  - Gewetensbeswaardes
  - Die loopgraafoorlog aan die Westelike Front
  - Musiek en gedigte
  - Eerste Wêreldoorlog en Suid-Afrika
    - o Slag van Delvillebos 1916
    - o Sink van die Mendi 1917
- **Vroue in Britanje tydens die Eerste Wêreldoorlog** **3 uur**
  - Veranderende rol van vroue in die werkplek in Brittanje tydens die Eerste Wêreldoorlog
  - Emily Pankhurst en die veldtog vir die stemreg van vroue in Brittanje
- **Die nederlaag van Duitsland en die Verdrag van Versailles** (om weer aangeraak te word in graad 9) **1 uur**
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op 'n gereelde basis plaas te vind** **3 uur**

Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 9: SENIOR FASE GESKIEDENIS KWARTAAL 1	
Onderwerp: **Tweede Wêreldoorlog - Die oorsake en uitbreek (1919 - 1945)**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**
Die inhoud moet met die historiese doelwitte en vaardighede asook die gepaardgaande konsepte soos aangedui in Afdeling 2, geïntegreer word	

Fokus: Waarom die Weimar Republiek as 'n demokrasie misluk het, die opkoms van Nazi-Duitsland, die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in Europa en in die Stille Oseaan en mense se ervarings.

Inhoud en konsepte

- **Die totstandkoming van Nazi-Duitsland** **5 uur**
  - Einde van die Eerste Wêreldoorlog, Weimar Republiek, Verdrag van Versailles 1919 en 'n kort opsomming van die Duitse strawwe
  - Hitler en die Nazi's 1920
  - Die Groot Depressie van 1929 en die uitwerking op Duitsland
  - Mislukking van demokrasie in die Weimar Republiek
  - Redes vir openbare steun vir die Nazi-party en die 1932 en 1933 verkiesings
  - Magtigingswet 1933 en diktatorskap (insluitend die konsentrasiekampe vir die teenstanders)
  - Nuremberg Wette en verlies van basiese regte van die Joodse volk 1935
  - Vervolging van politieke opponente, Jehovah Getuies, Roma (sigeuners), homoseksuele, Slawiërs, swart mense, gestremdes
  - Nazi-Duitsland as 'n voorbeeld van 'n fascistiese staat (in vergelyking met die demokrasie)
- **Tweede Wêreldoorlog: Europa** **5 uur**
  - Nazi's aggressief, ekspansionistiese buitelandse beleid vir lewensruimte/lebensraum (baie kort)
  - Uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog: Spilmoondhede teen Geallieerdes
  - Uitwissingskampe en volksmoord, die Holocaust, en die "Finale Oplossing"
  - Voorbeelde van weerstand teen Nazisme in Duitsland
    - Sophie Scholl en die Witroosbeweging
    - Dietrich Bonhoeffer en die Belydende Kerk
    - Warskou Ghetto Opstand
  - Einde van die Tweede Wêreldoorlog in Europa
- **Tweede Wêreldoorlog in die Stille Oseaan** **2 uur**
  - Amerika in die oorlog teen Japan: Pearl Harbour
    - Japannese Amerikaners met geweld verskuif na interneringskampe in die VSA
    - Japannese uitbreiding en gruweldade in China
    - Japannese krysgevangenekampe vir die Geallieerde soldate
- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op 'n gereelde basis plaas te vind** **3 uur**

Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 9: SENIOR FASE GESKIEDENIS KWARTAAL 2	
Onderwerp: **Die Kerntydperk en die Koue Oorlog (1945 - 1990)**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**
Die inhoud moet met die historiese doelwitte en vaardighede asook die gepaardgaande konsepte soos aangedui in Afdeling 2, geïntegreer word	

Fokus: Die verandering in die magsbalans na die Tweede Wêreldoorlog en die wedywering tussen die nuwe supermoondhede tydens die Koue Oorlog.

Inhoud en konsepte

- **Toenemende spanning tussen die Geallieerdes ná die einde van die Tweede Wêreldoorlog in Europa** **2 uur**
  - USSR (kommunisme) vs. VSA en die Weste (kapitalisme)
- **Einde van die Tweede Wêreldoorlog in die Stille Oseaan: Atoombomme en die begin van die Kerntydperk** **2 uur**
  - Wanneer, waar, waarom en hoe die Tweede Wêreldoorlog tot ‘n einde gekom het?
  - Waarom die VSA die bomme gegooi het?
  - Was dit geregverdig?
- **Definisie van die supermoondhede en die betekenis van “Koue Oorlog”** **1 uur**
- **Areas van konflik en kompetisie tussen die supermoondhede in die Koue Oorlog** **6 uur**
  - Wapenwedloop
  - Ruimtewedloop
  - Verdeling van Duitsland 1946 en die bou van die Berlynse Muur 1961
- **Die einde van die Koue Oorlog 1989** **1 uur**
  - Die val van die Berlynse muur 1989
  - Die val van die Sowjetunie (kortliks) 1991

Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op ‘n gereelde basis plaas te vind **3 uur**

Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 9: SENIOR FASE GESKIEDENIS KWARTAAL 3	
Onderwerp: **Keerpunte in die Suid-Afrikaanse geskiedenis sedert 1948**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**
Die inhoud moet met die historiese doelwitte en vaardighede asook die gepaardgaande konsepte soos aangedui in Afdeling 2, geïntegreer word	

Fokus: Sommige van die belangrikste keerpunte in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, insluitend die koms van apartheid in 1948 en nie-gewelddadige weerstand teen apartheid in die 1950's.

Inhoud/konsepte/vaardighede

- **Die Universele Verklaring van Menseregte na die Tweede Wêreldoorlog** **1 uur**
- **Definisie van rassisme** **2 uur**
  - Die evolusie van die mens en ons gemeenskaplike afkoms *
  - Apartheid en die mite van 'ras'
- **1948 Nasionale Party en Apartheid** **4 uur**
  - Rassesegregasie voor apartheid
  - Belangrikste apartheidswette in breë trekke
    - o Gevallestudie: Wet op Groepsgebiede: Sophiatown gedwonge verskuiwings
    - o Gevallestudie: Bantoestans: Gedwonge verskuiwings: Mense van Mogopa na Bophuthatswana
- **1950's: Onderdrukking en nie-gewelddadige weerstand teen apartheid** **4 uur**
  - SAKP verbied
  - ANC program van aksie
    - o Kort biografie: Albert Luthuli, sy rol in die ANC en weerstand teen apartheid
  - Die Versetveldtog (insluitende die invloed van Mahatma Gandhi)
  - Vryheidsmanifes en Hoogverraadverhoor
  - Vroue-optog
    - o Kort biografieë: Helen Joseph en Lillian Ngoyi en hul rol in die verset teen apartheid

Mondelingse geskiedenis en navorsingsprojek: Voorgestelde onderwerp: Hoe apartheid mense se lewens beïnvloed het en hoe mense gereageer het: Doen navorsing oor enige apartheidswet, en voer 'n onderhoud met 'n persoon wat deur die wet geraak is en bepaal hoe hy of sy gereageer het

- **Laat tyd binne die klas toe vir instruksies en monitering van vordering van die projek** **2 uur**

Let wel:

* Mense vra dikwels hoe die begrip van menslike evolusie ons help. Die kwessie van 'ras' kwel steeds die Suid-Afrikaanse samelewing vandag. Wetenskaplikes sê dat "ras" is 'n kulturele of sosiale konstruk en nie 'n biologiese een. Die ideologie van Apartheid, byvoorbeeld, het oppervlakkige kriteria van die fisiese voorkoms gekies om kategorieë van mense te skep en dit dan gebruik om mense in "bevolkingsgroepe" te klassifiseer. Die studie van menslike ontwikkeling toon dat ons 'n gemeenskaplike afkoms deel - ons is almal Afrikane in die sin dat ons almal afstam van voorouers wat in Afrika gewoon het so onlangs as 100 000 jaar gelede.

- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op 'n gereelde basis plaas te vind** **2 uur**

Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

GRAAD 9: SENIOR FASE GESKIEDENIS KWARTAAL 4	
Onderwerp: **Keerpunte in die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1948, 1960, 1976 en 1990**	**Voorgestelde kontaktyd:** **Een kwartaal/15 uur**

Die inhoud moet met die historiese doelwitte en vaardighede asook die gepaardgaande konsepte soos aangedui in Afdeling 2, geïntegreer word

Fokus: Ten einde hierdie komplekse tydperk te bestudeer, is drie belangrike keerpunte gekies. Dit is om voorsiening te maak vir leerders om die betekenis van hierdie gebeure in meer diepte te waardeer.

- **1960: Die Sharpeville-slagting en die Langa-optog** **5 uur**
  - Die ontstaan van die PAC 1959
  - Oorsake, leiers, gebeure, korttermyn-en langtermyn-gevolge
- **1976: Soweto-opstand** **5 uur**
  - Oorsake, leiers, die gebeure van 16 Junie, gebeure wat uitkring en gevolge wat dit oor die hele land het, langtermyn gevolge vir weerstand en onderdrukking
- **1990: Vrylating van Nelson Mandela en die ontbanning van die vryheidsbewegings** **2 uur**
  - Gebeure wat tot die 1994-verkiesing (in breë trekke) aanleiding gee
    - o Binnelandse weerstand en onderdrukking 1980's
    - o Buitelandse druk op die apartheidsregime 1980's
    - o Einde van die Koue Oorlog 1990
    - o Ontbanning van politieke bewegings 1990
    - o Vrylating van Mandela en ander politieke gevangenes 1990
    - o Onderhandelinge en geweld 1990 - 1994
    - o Demokratiese verkiesing in 1994

Let wel: Die koms van demokrasie na baie jare van stryd word in detail in Graad 12 herhaal. Handboeke moet die gebeure wat hierbo gelys is, dek, sodat leerders wat nie geskiedenis in Graad 10-12 kies nie in meer detail oor Suid-Afrika se onlangse geskiedenis kan lees. Leerders moet ook aangemoedig word om die verkorte weergawe van Nelson Mandela se outobiografie te lees

- **Hersiening, assessering (formeel en informeel) en terugvoering behoort op 'n gereelde basis plaas te vind** **3 uur**

Leerders moet gereeld lees en skryf.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

AFDELING 4: ASSESSERING IN SOSIALE WETENSKAPPE

4.1 INLEIDING

Assessering is ’n deurlopende, beplande proses om inligting oor leerders se prestasie te identifiseer, versamel en interpreteer, deur verskillende vorme van assessering te gebruik. Dit behels vier stappe: genereer en insameling van bewyse van prestasie; evaluering van hierdie bewyse, die opteken van die bevindinge; en die gebruik van hierdie inligting om die leerder se ontwikkeling te verstaan en daardeur die leer- en onderrigproses te verbeter.

Assessering moet beide informeel (assessering vir leer) en formeel (assessering van leer) wees. In beide gevalle behoort gereelde terugvoering aan leerders voorsien te word, om die leerervaring te verbeter.

Riglyne vir goeie assesseringspraktyke in Geskiedenis en Geografie

Die doelstellings en vaardighede in die vak moet op die kennisinhoud sowel as die take, projekte, toetse of eksamens toegepas word.

In die assessering van kennis, sal onderwysers die leerder se vermoë assesseer om die doelwitte te bereik en die vaardighede te demonstreer soos uiteengesit in Afdeling 2 van hierdie dokument. Ten einde leerders in staat te stel om die doelwitte te bereik en om die vaardighede te demonstreer, sal hulle ‘n volle begrip en insig moet hê van die inhoud en konsepte wat in Afdeling 3 uiteengesit is. Geheuevaardighede bly belangrik.

Assessering sluit gewoonlik skryfwerk in. Dit beteken dat leerders skryfvaardighede geleer moet word en gehelp moet word om dit te beoefen. Mondelinge werk, praat, debatvoering en drama kan ook geassesseer word en is soms baie waardevol vir hersiening of voorbereiding van geskrewe werk.

Leerders ondervind dikwels probleme om vollengte en in opstelformaat te skryf. Hulle moet opgelei word om die inligting wat hulle wil insluit (om slegs dit wat relevant is) te kies, om die inligting te rangskik (in volgorde te plaas met ander inligting) en verbinding van inligting te bewerkstellig (‘n logiese volgorde te maak, of argumenteer).

Die gehalte van leerders se werk is afhanklik van die sorg wat vir hul take en vrae gestel word. Hulle moet akkurate en gedetailleerde instruksies gegee word, deur hulle te vertel wat hulle moet doen sowel as om hulle te vertel waar hulle die inligting wat hulle nodig het, kan kry. Dit is dikwels ‘n goeie idee om wesenlike vrae in ‘n aantal kleiner vrae, of stappe, af te breek.

Plagiaat (die gebruik van iemand anders se werk en voorgee dat dit ‘n mens se eie is) is ‘n besondere probleem, òf dit behels dat iemand anders die werk doen, òf die kopiëring van ‘n ander leerder se werk, of kopieer en plak van die Internet. Dit is noodsaaklik dat leerders opgelei word om te toon wanneer hulle iets aanhaal en hul verwysings aantoon. Net so moet onderwysers aan leerders ‘n voorbeeld stel deur altyd die verwysings vir meer inligting en die bronne wat hulle gebruik, aan te dui.

4.2 INFORMELE OF DAAGLIKSE ASSESSERING

Assessering vir leer het ten doel die voortdurende invordering van inligting van leerders se prestasie wat dan gebruik kan word om hul leer te verbeter

Informele assessering is ‘n daaglikse monitering van leerders se vordering. Dit word gedoen deur middel van waarnemings, besprekings, praktiese demonstrasies, leerder-onderwyser konferensies, informele klaskamer

interaksies, ens. Informele assessering kan so eenvoudig wees as die staking gedurende die les om waarnemings van leerders te maak, of om besprekings omtrent die leerproses met leerders te voer. Informele assessering moet gebruik word om terugvoering te gee aan die leerders en beplanning vir onderrig in te lig, maar hoef nie aangeteken te word nie. Dit moet nie gesien word as afsonderlik van die leer van aktiwiteite wat in die klaskamer plaasvind nie. Leerders of onderwysers kan hierdie assesseringstake nasien.

Self- en portuurassessering betrek leerders aktief in assessering. Dit is belangrik omdat dit leerders toelaat om te leer asook te besin oor hulle eie prestasie. Die resultate van die informele daaglikse assesseringstake word nie formeel opgeteken nie, tensy die onderwyser verkies om dit te doen. Die resultate van die daaglikse assesseringstake word nie in aanmerking geneem vir bevordering en sertifisering nie.

Leerders moet gereeld lees en skryf, beginnende met sinne en paragrawe wat mettertyd opbou na uitgebreide werkstukke. Baie daarvan kan gestruktureerd gedoen word deur aktiwiteite wat in die handboek voorkom deur te werk. Ander betroubare bronne van inligting wat die kurrikulum verryk, na weldeurdagte keuses en diskresie gebruik word.

Bewyse van die leerder se werk, insluitend die assessering, moet in die leerder se notaboek gehou word.

4.3 FORMELE ASSESSERING

Alle assesseringstake wat deel uitmaak van ‘n formele program van assessering vir die jaar, word as formele assessering beskou. Formele assesseringstake word deur die onderwyser nagesien en opgeteken vir progressie en sertifiseringsdoeleindes. Alle formele assesseringstake is onderhewig aan moderering met gehalteversekering ten doel en om te verseker dat toepaslike standaarde gehandhaaf word.

Formele assessering bied aan onderwysers die geleentheid om op ‘n sistematiese wyse te evalueer hoe goed hul leerders vorder in ‘n graad en in ‘n bepaalde vak. Voorbeelde van formele assessering sluit in toetse, eksamens, praktiese take, projekte, mondelinge aanbiedings, demonstrasies, optredes, ens. Formele assesseringstake vorm deel van ‘n jaarlange formele program van assessering in elke graad en vak.

4.3.1 Vereistes vir Formele Assessering in Sosiale Wetenskappe

Geskiedenis en Geografie moet afsonderlik geassesseer word. Die vorme van assessering wat gebruik word, moet gepas wees vir die leerders se ouderdom en ontwikkelingsvlak.

Leerders moet elke kwartaal formele assessering vir Geskiedenis en vir Geografie doen. Formele assessering sluit formeel geassesserde take, tesame met projekte en eksamens, in. (Verwys na die program van assessering op die volgende bladsy.)

4.3.2 Soorte formele assessering vir Sosiale Wetenskappe

Projekte

Leerders moet **een** projek in die Sosiale Wetenskappe in elke graad voltooi. Hulle doen dus ‘n projek òf Geskiedenis òf Geografie in ‘n gegewe jaar. Vir meer inligting oor projekte en wanneer dit voltooi moet word, verwys na Afdeling 2 van hierdie dokument.

Toetse en Eksamens

Toetse en eksamens vir formele assessering moet ‘n aansienlike gedeelte van die inhoud dek.

Toetse en eksamens moet onder streng gekontroleerde omstandighede voltooi word.

Elke toets en eksamen moet vir ‘n verskillende kognitiewe vlakke voorsiening maak. (Verwys na die tabel in die afdeling oor **beplanning van assessering** later in hierdie afdeling.)

KOGNITIEWE VLAK	PERSENTASIE
Lae Orde: Kennis en herroeping	30
Middel Orde: Begrip en toepassing	50
Hoë Orde: Analise, evaluering en sintese	20

Take

Take moet ontwerp word om die inhoud en konsepte van die vak te dek en sluit ‘n verskeidenheid van aktiwiteite in wat gekies word om die geïdentifiseerde doelwitte en vaardighede te evalueer.

Formele assesseringstake kan een of ‘n kombinasie van die aktiwiteite wat hieronder gelys word, insluit. Hierdie lys kan uitgebrei word.

Skryf kort antwoorde op vrae (dit kan enkele woorde, kort frases of sinne insluit)

Skryf paragrawe, en vanaf graad 7, moet uitgebreide skryfwerk met paragrawe wat in die regte volgorde gerangskik is gedoen word

- Navorsing van vrae of onderwerpe
- Skryf ‘n klein stukkie van die navorsing neer
- Lees en som op
- Luister en notuleer
- Waarnemings aanteken
- Vrae beantwoord (kort- en/of langer antwoorde)
- Vrae stel (vrae toon insig)

- Voltooiing van werkvelle
- Tekeninge en byskrifte aanbring
- Pas, sorteer, lys, beskryf en vergelyk tekste, grafieke, kaarte, foto's, prente
- Die maak van verbindings tussen oorsake en gevolge
- Identifiseer ooreenkomste en verskille
- Kies en organiseer inligting
- Analiseer en sintetiseer inligting
- Lees, voltooi en/of teken kaarte
- Werk met data (grafieke en tabelle)
- Die vind van en/of werk met bronne
- Kruisverwysing en inligting vergelyk
- Verskaf 'n verduideliking (mondeling, geskrewe of visueel)
- Identifiseer en bespreek kwessies
- Uitdrukking en die regverdiging van 'n standpunt
- Evaluering van idees en aksies
- Opsporing van vooroordeel
- ' n Aanbieding doen (mondeling, geskrewe of visueel)
- Maak 'n model, plakkaat of grafiek
- Interpreteer foto's en skryf byskrifte
- Deelname aan 'n gestruktureerde, voorbereide gesprek, debat of rolspel.

Voordat die uitdeel van 'n assesseringstaak aan leerders gedoen word, moet onderwysers seker maak dat hulle in staat is om al die vrae te beantwoord. Wanneer onderwysers 'n assesseringstaak opstel, moet hulle 'n memorandum van antwoorde en/of 'n matriks vir die assessering saamstel. Verwys na die sewe-punt aanslagkode of skaal van prestasie by die opstel van 'n matriks.

Onderwysers moet sonder uitstel die assesseringstake nasien. Leerders moet deurlopende, opbouende terugvoering ontvang, beide informeel en formeel. Terugvoering moet sterkpunte uitwys en swakhede aantoon om die leerder se ontwikkelingsbehoeftes te identifiseer. Aksieplanne oor hoe leerders ondersteun sal word, moet deel van die terugvoering wees.

Dit is belangrik dat die terugvoering aan leerders hul aanmoedig om beter te doen en hul selfvertroue opbou.

Beplanning vir Assessering

Die opstel van goeie assesseringstake kan baie uitdagend wees en onderwysers word aangemoedig om noukeurig geselekteerde handboeke as 'n riglyn te gebruik, en goeie assesseringstake te deel met onderwysers in ander skole.

Volg hierdie stappe by die ontwerp van jou eie taak of aktiwiteit:

1. Verklaar die doel van die assessering (Hoekom?)
2. Besluit op die assesseringsaktiwiteit of -aktiwiteite (Vorm van assessering)
3. Besluit op die inhoud, konsepte en vaardighede wat geassesseer word (Wat?)
4. Kies 'n formaat vir leerder voorlegging (verduidelik die metode: Hoe?)

Formele assessering moet voorsiening maak vir 'n reeks kognitiewe vlakke en vermoëns van leerders soos hieronder getoon. 'n Formele assessering behoort die volgende in te sluit: lae-, middel-en hoë orde aktiwiteite of vrae, met 'n oorhelling na die kognitiewe vlak van die middel orde.

KENNIS EN HERROEPING	BEGRIP/ TOEPASSING	TOEPASSING	KONSEPTUELE REDENASIE: ANALISE	KONSEPTUELE REDENASIE: SINTESE	KONSEPTUELE REDENASIE: EVALUERING
LAE ORDE	**MIDDEL ORDE**		**HOË ORDE**		
Aanhaal	Beskryf	Verander	Differensieer	Bespreek	Aanbeveel
Absorbeer	Bespreek	Bereken	Onderskei	Formuleer	Beoordeel
Benoem	Definieer	Konstrueer	Ondersoek	Genereer	Besluit
Definieer	Demonstreer	Demonstreer	Onderverdeel	Groepeer	Debatteer
Aandui	Gee voorbeelde	Teken	Organiseer	Integreer	Evalueer
Herhaal	Herhaal	Illustreer	Skei	Kombineer	Gevolgtrekking
Herken	Herskryf	Voorspel	Uiteensetting	Konstrueer	maak
identifiseer	Illustreer	Dui die	Verwantskap	Ontwerp	Gradeer
Kies	Interpreteer	verwantskap aan		Opsom	Interpreteer
Kwoteer	Kies	tussen		Organiseer	Kontrasteer
Label	Klassifiseer	Los op		Rangskik	Kritiek uitspreek
Lys	Lei	Gebruik		Saamstel	Kritiseer
Memoriseer	Onderskei			Skep	Motiveer
Omskryf	Oorskakel			Uittrekseksel	Ondersteun
Onthou	Opsom			maak	Skep
Pas	Parafraseer			Veralgemeen	
Reageer	Pas				
Reproduseer	Skakel oor				
Tel	Skat				
Natrek	Veralgemeen				
Uitwys	Verduidelik Vergelyk				

4.4 PROGRAM VAN ASSESSERING

Die program van assessering is saamgestel om formele assesseringstake oor alle vakke in 'n skool oor die kwartaal te versprei.

Senior Fase

Skoolgebaseerde Assessering (SBA): 40% (insluitende halfjaarlikse eksamen)

Einde van die jaar eksamen: 60%

GRAAD 7			
Kwartaal 1	Geskiedenis	Taak	**Skoolgebaseerde Assessering (SBA) 40%**
	Geografie	Projek	
Kwartaal 2	Geskiedenis	Taak/Toets	
	Geografie	Taak/Toets	
Kwartaal 3	Geskiedenis	Taak	
	Geografie	Taak	
Kwartaal 4	Geskiedenis	Eksamen	Einde van die Jaar Eksamen 60%
	Geografie	Eksamen	

GRAAD 8			
Kwartaal 1	Geskiedenis	Taak	**Skoolgebaseerde Assessering (SBA) 40%**
	Geografie	Taak	
Kwartaal 2	Geskiedenis	Taak/Toets	
	Geografie	Taak/Toets	
Kwartaal 3	Geskiedenis	Taak	
	Geografie	Projek	
Kwartaal 4	Geskiedenis	Eksamen	Einde van die jaar eksamen 60%
	Geografie	Eksamen	

GRAAD 9			
Kwartaal 1	Geskiedenis	Taak	**Skoolgebaseerde Assessering (SBA) 40%**
	Geografie	Taak	
Kwartaal 2	Geskiedenis	Taak/Toets	
	Geografie	Taak/Toets	
Kwartaal 3	Geskiedenis	**Projek**	
	Geografie	Taak	
Kwartaal 4	Geskiedenis	Eksamen	Einde van die jaar eksamen 60%
	Geografie	Eksamen	

4.5 OPTEKENING EN RAPPORTERING

Optekening is ’n proses waartydens ’n onderwyser ’n leerder se prestasievlak vir ’n spesifieke assesseringstaak dokumenteer. Dit dui op die leerder se vordering na die bereiking van die kennis soos in die kurrikulum- en assesseringsbeleid voorgeskryf. Rekords van leerderprestasie moet dus bewys lewer van die leerder se konseptuele progressie in ’n graad en sy of haar gereedheid om na die volgende graad bevorder te word. Rekords van leerderprestasie moet ook gebruik word om die vordering wat deur onderwysers en leerders gemaak is in die onderrig- en leerproses, te verifieer. Rapportering is ’n proses waartydens die leerder se prestasie aan leerders, ouers, skole en ander belanghebbendes gekommunikeer word. Leerderprestasie kan op verskillende maniere, insluitend rapporte, ouervergaderings, skoolbesoeke, ouer-onderwyser konferensies, telefoonoproepe, briewe, klas- of skool nuusbriewe, gerapporteer word. Onderwysers in alle grade moet in persentasies teenoor die vak opteken. Die verskillende prestasievlakke en hul ooreenstemmende persentasiebande word in die tabel wat volg, getoon.

KODES EN PERSENTASIES VIR OPTEKENING EN RAPPORTERING

AANSLAGKODE	BESKRYWING VAN BEVOEGDHEID	PERSENTASIE
7	Uitstaande prestasie	80 – 100
6	Verdienstelike prestasie	70 – 79
5	Beduidende prestasie	60 – 69
4	Voldoende prestasie	50 – 59
3	Gemiddelde prestasie	40 – 49
2	Basiese prestasie	30 – 39
1	Nie bereik nie	0 – 29

Onderwysers sal werklike punte teenoor die taak opteken deur van ’n optekenblad gebruik te maak, en hulle moet van persentasies teenoor die vak op die leerders se rapporte gebruik maak.

Sosiale Wetenskappe vir Intermediêre en Senior Fase leerlingverslae:

Toon Geskiedenis en Geografie afsonderlik en saam op die skool se verslag, soos in die voorbeeld hieronder:

Sosiale Wetenskappe	
Geskiedenis	**%**
Geografie	**%**
Gemiddelde (Sosiale Wetenskappe)	

4.6 MODERERING VAN ASSESSERING

Moderering verwys na die proses wat verseker dat assesseringstake regverdig, geldig en betroubaar is. Moderering moet op skool, distriks-, provinsiale en nasionale vlak geïmplementeer word. Omvattende en toepaslike modereringspraktyke moet in plek wees vir die gehalteversekering van alle vakassessering.

4.7 ALGEMEEN

Hierdie dokument moet in samehang met die volgende gelees word:

4.7.1 Die *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes vir die Nasionale Kurrikulumbeleid Graad R-12; en*

4.7.2 Die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*